SPEC. COLL 36
P.6

D I E T O E S T A N D V A N A F R I K A A N S

I N 1 7 7 9.

na aanleiding van

W I K A R S E D A G V E R H A A L.



University of Cape Town

J. A. HOFMEYR

Skripsie aangebied ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M. A. in Nederlands en Afrikaans aan die Universiteit van Kaapstad.

Oktober 1938.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

I N H O U D.

		Bls.
Inleiding		
Hoofstuk I.	"Die Klankleer"	1.
Hoofstuk II.	"Woordeskat"	15.
Hoofstuk III.	"Woordbetekenis"	28.
Hoofstuk IV.	"Woordorde"	35.
Hoofstuk V.	"Grammatika"	40.
Hoofstuk VI.	"Funksieverandering"	59.
Hoofstuk VII.	"Idioom"	63.
Hoofstuk VIII.	"Posisie van Wikar se Taal."	74.

University of Cape Town

Die syfers na woorde en aanhalings verwys na bladsye in Wikar se Dagverhaal soos dit deur die van Riebeek-Vereniging uitgegee is.

I N L E I D I N G.

By 'n taalkundige beskouing van Wikar se Dagverhaal moet daar altyd in die oog gehou word dat Wikar 'n Sweed was. Wat mens wel laat vermoed dat hy 'n taamlike kennis van Nederlands moes gehad het, is die feit dat hy in Amsterdam in diens van die Oos-Indiese Kompanjie opgeneem word en in 1773 in die Kaap arriveer waar hy as „schrÿver" vir die Hospitaal aangestel word. Geen ongeletterde sou verwag word om hierdie pos te beklee nie en Wikar moes seker vertroud gewees het met die Nederlandse taal, altans met formele en tegniese terme en uitdrukkings. Aan die ander kant het die feit dat hy 'n vreemdeling was hom seker blootgestel aan nuwe vorms, onkonvensionele sinswendinge en idiomatiese uitdrukkings wat hy gouer sou opdoen en besig as wat die geval sou gewees het as hy 'n gebore Nederlander was.

Na omtrent 'n honderd en twintig jaar verloop het sedert die volksplanting aan die Kaap de Goede Hoop word daar, volgens Wikar se Dagverhaal geoordeel, 'n taal deur die blanke bewoners aan die Kaap gepraat wat interessante vorms openbaar en alreeds enige merkwaardige eienaardighede aan die dag lê. Die snelle ontwikkeling van 'n selfstandige taal in Suid-Afrika het al baie taalgeleerdes se belangstelling opgewek en ons weet almal hoeveel teorieë daar oor die ontstaan van Afrikaans ontwerp is. By 'n studie van Wikar se Dagverhaal word dit meer en meer duidelik dat Afrikaans gegroei het uit die Nederlandse volkstaal van die 17de eeu en nie uit die deftige en beskaafde boek-of spreektaal nie. Dat buitestaande invloede van vreemde tale hulle spore op Afrikaans afgedruk het, kan ons ook al met sekerheid aflei van taalverskynsels in hierdie joernaal.

University of Cape Town

HOOFSTUK 1.

DIE KLANKLEER.

Op die gebied van die klankleer is daar 'n paar interessante verskynsels in Wikar se taal. Partymaal kom sy woordvorms met Afrikaans ooreen en in ander gevalle is dit weer eienaardig dat sekere klanke nog so sterk Nederlands is, daar mens sou verwag dat hulle reeds verandering sou ondergaan het.

Wisseling van Klanke.

Wat wysiging van vokaal betref, sien ons dat Wikar praat van „varze en frisse jaagers" (p.102), „varze . . . kameelpeerdspoor" (p.46), en van „barmhertigheyd" (p.162), naas hart (p.162 ens.). In Nederlands bestaan ă- en ĕ-woorde naas mekaar, bv. bersten, 'n ouer vorm naas barsten; gerst naas garst; hersens naas harsens; hert, wat nog Suid van die Maas gebruik word en 'n ŝuer vorm van hart is; persen waarnaas vroeër en nog gewestelik parsen. So is daar seker ook twee vorms van „vars" in Nederlands. In Afrikaans het ons in al die genoemde gevalle die ă klank, alhoewel „pers" nie heeltemal verdring is nie daar „pars" alleen met betrekking tot die wynbedryf gebesig word. Hier lewer Wikar se taal gedeeltelik bewys van die feit dat die ă vorme vroeg aan die Kaap die populêrste moes gewees het. Op dieselfde lees geskoei is Wikar se gebruik van arts (p.124) naas erts (p.142). Alleen „erts" word in die Ndl. Wdb. aangegee en dis ook al vorm wat in Afrikaans gebruik word.

Dikwels, inderdaad in die meeste gevalle, vind ons in die joernaal dat Wikar vleys (pp. 32, 68, 86, 108 ens.), seekoeyvleys (p. 132), wangvlÿs (p. 40), gebruik naas vlees (p. 182), haazevlees (p.140) olifantsvlees (p.44). In die 17de eeu was „vleys" in die gemeensame

University of Cape Town

volkstaal gebruiklik, soos ons kan aflei wanneer ons 'n Bredero se „Klucht van de Koe" vind: „'tis wel een deughdelik biest, hy is wel in zyn vleys," en by Hooft: „Lams-vleys, Kalfs-vleys, Queen-vleys," (Warenar), om maar 'n paar voorbeelde te noem. So het die woord in Afrikaans nog vir baie mense 'n onbeskaafde geur en verkies hulle om „vlees" te sê.

Ons tref schoot in die Dagverhaal aan waar ons „schot" sou verwag het. Wikar praat van „toen die schoot af was" (p. 38), „met de eerste schoot" (p.108). Dit blyk egter 'n vorm te wees wat vroeër in Nederlands bekend was, maar wat alleen nog in die algemene taal in enkele toepassings voorkom. Interessant is die vorm schut wat eenmaal deur Wikar gebesig word. So skryf hy : „een pÿl die van een vinnige schut geschooten is," (p. 178) nl. 'n pyl wat deur 'n vinnige skutter geskiet is, waarin die Afrikaanse betekenis van „skut" duidelik uitkom. Meermale gebruik Wikar die voorsetsel „van" in plaas van „deur", bv. „word van den toovernaar gekout" (p.152), „deeze capiteyn... is geschooten van zÿn eygen zoon" (p.132) ens. ens., sodat ons hier ook kan aanneem dat „van" met „deur" moet vertaal word. Die vorm „schut" is totaal in Nederlands verouderd en die betekenisse wat die woord voorheen gehad het, kom nie ooreen met Afrikaans nie, sodat ons hier te doen het nie alleen met die bewaring van 'n ouderwetse vorm nie maar ook met verandering van betekenis.

Ooreenkomstig die vorm oegst (p.176), kry ons ook koegel (pp. 36, 38). In Nederlands is oogst die gewoonste vorm maar oost, oegst en, in Vlaandere, Zeeland en op Goeree, oest, kom ook wel voor. „Koegel" kon na hierdie voorbeeld

University of Cape Town

ontstaan het, dit kon 'n selfstandige dialektiese uitspraak gewees het, wat dan, soos Dr. D. B. Bosman beweer, groter deurslag gekry het weens die Duitse „Kugel" (Ontstaan van Afrikaans, p. 116).

By Wikar tref ons 'n lang ē aan voor r plus konsenant by woorde wat vandag in beskaafde Nederlands die lang ā-klank en in Afrikaans die kort ĕ besit: steert (pp. 108, 114, 160, 186 ens.), 'n vorm wat volgens die Ndl. Wdb. outyds is en nog gewestelik voorkom; veers(e) (pp.26, 148, 184); eerde pot (p.182) - van die byvoeglike naamwoorde „aarde" sê die Ndl. Wdb. dat „in sommige streken wordt nog de oudere vorm eerde, eerd gehoord." By peerd(e) (pp. 82, 96, 178), kameelpeerd(e) (pp. 46, 58, 186), kry ons dat Wikar ook gebruik maak van die lang ā vorm paard(e) (pp. 98, 144, 182). Albei hierdie vorme, asook ons hedendaagse uitspraak pèrd, kom in Nederlands voor. Hierby kan ons voeg Barend (pp. 46, 58, 70, 198), naas Beerend (p. 124), schaer (p. 166) en paars (p. 132). Nou hieraan verwant is weereld (pp. 144, 160) en keerels (pp. 24, 28, 66), wat in Nederlands ook uitgespreek word wèreld, kèrel. Dit val op dat Wikar nie eenmaal in sy joernaal die ĕ-vorm gebruik by een van hierdie woorde nie - iets wat ons kon verwag het aangesien hierdie vorme reeds Nederlandse spreektaalverskynsels is en omdat die Duitsers goed aan die Kaap verteenwoordig was vanaf die stigting in 1652. (Vgl.bv. Duits: Färse, Pferd, Welt, Kerl, Schere).

Daar is twee gevalle by Wikar waar 'n lang ō in ŏ verander het. Hy skryf : „den vlot zo vort stootende" (p.126), en „de groffe fluyten" (p. 168), „'t groffe geluyd"

University of Cape Town

(p. 168) en „groffe coraalen" (p. 76). In laasgenoemde geval kom Wikar se vorm ooreen met die Nederlandse spreektaal. „In de gewone spreektaal behoudt de o van grof in de verbuiging en in den vergelÿkende trap den klank dien zÿ in den onverbogen vorm heeft en slechts in verheven stÿl gaat zÿ by flectie en motie over in eene heldere o." (Ndl. Wdb. V, 884). Omtrent die labio-dentale frikatief lees ons verder : „Naast grŏve, grŏver, grofst en grōve, grōver, grōvest (groofst) twee tot verschillende stÿlen behorende vormen-reeksen, kennen de noordnederlandschen tongvallen ook nog eene derde reeks groffe, groffer."

Hollands - dialekties is die verandering van ō tot eu, wat ons by soveel Afrikaanse woorde vind bv. geut, meul, neut, seun ens. Hiervan is daar twee voorbeelde in die Dagverhaal : deur (pp. 38, 50, 98, 126 ens.) en steurde (p. 180).

Die gebruik van lest in plaas van „laa(t)st" wat nog dikwels in Afrikaans sy verskyning maak, kom by Wikar ook voor: „op 't lest" (p. 88), „nog voor 't lest" (p.196) naas „ten laatsten" (pp.44, 184). Hier het ons weer met 'n dialektiese verskynsel te doen, daar ons verneem dat „lest" in baie Nederlandse dialekte die gewone vorm van die oortreffende trap is. (Ndl.Wdb.)

Interessant is die gebruik van leeg in plaas van „laag" wat ons in die Dagverhaal aantref: „leeg water" (p. 20) en „leeger" (pp. 130, 170). Gewestelik in Nederlands word „leeg" naas ander vorme instede van „laag" gebruik. In Afrikaans hoor ons ook dikwels : die stoel is te leeg, die water lê baie leeg ens., wat in streeksprake verskyn en taamlik plat klink.

Nie eenkeer in Wikar se joernaal vind ons troep nie, maar altyd trop (pp.30, 46, 102), troppen (p. 186), tropje (p.56) - vorms wat ook in Nederlands voorkom soos ons kan aflei wanneer ons by Gezelle „schapentrop" kry. Hierby voeg ons ook nog blomme(n) (pp. 124, 190), wat gewestelik in Nederlands in plaas van „bloem" gebruik word.

Tweemaal kom ons die woord sop (pp.180, 182), by Wikar teë. In die eerste geval gebruik hy dit vir „sap", en in die tweede geval kan sowel in Nederlands as in Afrikaans in hierdie verband „sop" gesê word.

= soep?

By twee woorde in die Dagverhaal sien ons die bewaring van die i-klank wat in Nederlands gediftongeer is buiten in daardie dialekte wat geen diftongering ken nie, nl. tigerwolf (p. 74) en olive(n) in „olivenhout kirie" (p.48) en „olive boomen" (p.122). Kloeke beweer dat die diftongering in die 16de eeu uit die Suide gekom het en wel eers beperk was tot die hoër en gesaghebbende stande. Blykbaar het die volksplanters aan die Kaap, behorende tot die laere volksklasse, dan die ongediftongeerde klank na Suid-Afrika gebring daar die diftongering nog nie van die beskaafde taal op die volkstaal ingewerk het nie. As Kloeke se teorie juis is, dan moet ons aanneem dat die beskaafde Nederlands later 'n geweldige invloed op Afrikaans moes uitgeoefen het omdat ons so min relieke op hierdie gebied openbaar, behoudens die wat ook in beskaafde Hollands bewaar gebly het. (Vgl. Afr. olienhout, stiebeuel, tier).

Ook het die diftong ÿ sy volle waarde verloor in die woord bÿzonder wat by Wikar, soos ook in Afrikaans,

University of Cape Town

bezonder (pp. 86, 158) word. Hierdie klankwisseling berus op 'n dialektiese vorm in Nederlands daar die Ndl. Wdb. ons meld dat in die volkstaal van sommige geweste die voorsetsel bÿ- na be- klink.

Op bladsy 48 van die Dagverhaal vind ons tweemaal henning(e) en eenmaal heyning. Reeds in Nederlands is daar wisseling tussen hierdie twee vorms. Hooft en Vondel maak bv. gebruik van „heyning" terwyl ons by Bredero „henning" aantref.

Naas „spuug" in die samestelling spuugslang (p.134), vind ons die eienaardige selfstandige naamwoord spoog (pp. 180, 182), wat blykbaar nie in Nederlands of in Afrikaans bekend is nie. 'n Ander klankeienaardigheid wat of persoonlik of baie beperk in gebruik moet wees, is die e in slem (p.104), slemmer, slemste (p.166) met betekenis van skrander. Slim en slem kom in Mnl. voor en „slem" mag onder 'n groepie mense bewaar gebly het en so sy weg na die Kaap gevind het, as dit nie 'n oorspronklike skepping van Wikar is nie. Sover my bekend het ons alleen „slim" in Afrikaans.

Dis 'n bekende taalfeit dat vokale in onbeklemtoonde lettergrepe onstandvastig is en dikwels gewysig word. Hiervan is daar blyke in die joernaal. Ons kry bv. Nomakkoasland (pp. 20, 22, 26) naas Namacquoas (pp.20, 22, 24); bastaard (pp. 30, 146) naas basterd (p.54). Verder is daar ~~waterlemoen (p.122) (In Ndl. limoen, lamoen, lemoen; Afr. lemoen dikwels met uitspraak lemoen)~~; pampoenpitten (p. 122) (In Ndl. pompoen, pampoen, pepoen ens.; Afr. pampoen); tobak (pp. 20, 26, 36) (Ndl. tabak, toebak, tobak ens.; Afr. tabak, vgl. twak); assagay (pp. 38, 52, 164)

University of Cape Town

(Ndl. assegaai of assagaai; Afr. as(se)gaai in die spelling maar wisseling in die uitspraak.)

Ons moet nog noem die feit dat Wikar eenmaal praat van Boestjesmans (p.28) naas al die ander kere waar hy Bossiesmans, -mannen (pp.30, 118, 150, 170 ens.) het. Dat hierdie vorm net eenkeer voorkom, maak dat mens sy betroubaarheid in twyfel trek en wonder of dit nie op verkeerde spelling-interpretasie berus nie. Sover bekend is dit die enigste geval waar oe in hierdie woord aangetref word in Kaapse geskrifte van voor 1830.

In die Dagverhaal vind ons 'n paar voorbeelde van verandering van konsonant. So kry ons vrange veldkost (p. 96) en vrangagtig (p.118), wat verskil van die Nederlandse „wrang" en ooreenkom met Afrikaans „vrank" (wrang alleen in figuurlike gebruik). Hierby hoort nog vrÿft (p. 84) en vrÿvende (p.88), waar die Nederlandse stemhebbende frikatief stemloos geword het. Die Nederlandse klank is in Afrikaans alleen bewaar gebly in die selfstandige naamwoord „wrywing." Omtrent hierdie klank sê Verdam: „In verschillende dialecten klinkt evenwel wr als vr." (Geschiedenis der Nederlandsche Taal p. 80).

By aassem (pp. 72, 74, 88, 100) moet ons weer vir volkstaalinvloed soek. In die moderne Nederlandse spreektaal is dit 'n alledaagse gebruik wat egter byna plat klink, alhoewel dit vroeër selfs in hoër styl voorgekom het. In Afrikaans kry ons nog die d in plaas van die s in die werkwoord „adem" wat in figuurlike verband gebruik word en af en toe in die samestelling „ademhaling."

University of Cape Town

Daar is nog babianê (p. 54), babiaan (p.66); Ndl.baviaan, Afr. Bobbejaan; ook jonk in jonkgetroude (p. 90) en lank (pp.114, 194) naas lang (pp.132, 180, 196). Volgens die aanhalings in die Ndl. Wdb. onder „lang" blyk dat in die 17de eeu „lank" naas „lang" in geskrifte voorkom bv. by Hooft, Asselÿn, Cats, Vondel e.a. Dit sal seker ook die geval met „jong" gewees het.

In Afrikaans is daar twee vorme van Nederlands „zacht" nl. sag en saf. Dis interessant om te vind dat laasgenoemde vorm teruggaan op die 18de eeu daar Wikar gebruik maak daarvan (pp.136, 142, 148.)

Wikar se gebruik van pokdaadig (p.24) (Ndl. en Afr. pokdalig) en Caab (p.186), Caabze (p.176) moet toegeskryf word aan persoonlike afwyking van die konsonantstelsel, daar hierdie vorme alleen by hom aangetref word.

Wegval en Aanlas van Klanke.

Wegval van vokaal vind ons in die selfstandige naamwoord capteyn (pp.70, 96, 192), capteynskraal (p.80) naas capiteyn (pp. 24, 26, 30, 36 ens.) Die capteyn-vorm kom ooreen met die gewone Nederlandse spreektaal. Hierteenoor staan posituur (pp. 84, 164) wat 'n baie minder gewone vorm as „postuur" moet wees daar van Dale by „posituur" mens verwys na „postuur" en van Lessen die gladnie in die Ndl. Wdb. noem nie.

By byvoeglike naamwoorde en bywoorde wat op -lÿk uitgaan, kom daar 'n paar voorbeelde voor waar Wikar die e voor die uitgang weglaat: bv. gebreklÿk (p.68), gemaklyker (p.104), gemaklykste (p. 56), smaaklÿk (pp. 60, 176), reedlÿk (p.186), ondersoheydlÿk (p. 158). By die eerste drie woorde bestaan daar in Nederlands twee

University of Cape Town

vorme naas mekaar. Wikar se vorme kom met Afrikaans ooreen met die uitsondering van „onderskeidelik" en „redelik" wat egter dikwels „reedlik" uitgespreek word.

Verlies van die t vind ons in laast (pp. 122, 126), laastgemelde (pp. 30, 154, 182), naas laatst (p. 144), laatste (pp. 32, 102, 124), ten laatsten (pp.44, 184) en gekwetste (pp.32, 36, 64).

Verder kom daar talle van voorbeelde voor waar Wikar die enkelvoudsuitgang by die werkwoord weglaat bv. „borrel en werk hy sterk" (p.60), „loop de water" (p.124), „de klip breek" (p. 178), „de zeekoey.. loop" (p.102), „hy.... durf" (p. 138) ens. ens.

Die -n by die meervoudsvorme van die werkwoord, by die infinitief en by selfstandige naamwoorde in die enkelvoud of meervoud word ook net so dikwels weggelaat as wat hulle voorkom. Holtvast meld dat „als meervoud van boom, vrouw, boek, lied enz. enz. hoort men in de beschaafde gesproken taal zowel bome, vrouwe, boeke, liedere, als boomen, vrouwen, boeken, liederen. In de beschaafde geschreven taal bezigt men uitsluitend de vormen op -en." (Beknopte Nederlandse Spraakkunst p. 38.) Van die -en uitgang, nie noodsaaklik by meervoude nie, sê Verdam ook: „ het behouden van den uitgang -en in de meest verschillende woordsoorten... komt wel met de uitspraak van andere tongvallen, maar niet met die van het Hollandsch overeen." (Gesch. der Ndl. Taal p. 110). Hier het ons dan 'n ooreenkoms tussen die Hollandse omgangstaal en die „Kaapsch Hollandsch" van die 18de eeu.

University of Cape Town

Dit tref 'n mens dat Wikar die -t-uitgang by selfstandige naamwoorde trou bewaar. Daar is nie een geval in die Dagverhaal waar hierdie -t verdwyn het nie bv. kost, rÿst, togt, dragt, nest, schoft ens. ens. Prof. Hesseling wil die wegval van hierdie slot -t aan invloed van dee Ooste toeskryf. Volgens Dr. Bosman (Ontst. van Afr. p. 57) is Oosterse invloed die sterkste teen die middel van die 18de eeu, en nou kan natuurlik beweer word dat teen die tyd dat Wikar die Dagverhaal geskryf het (1779) die Kaaps Hollands nog nie lank genoeg onder invloed van die Maleis-Portugese slawetaal was om slytasie van hierdie slot -t te openbaar nie. Hoe dit ook al sy, die feit staan vas dat hierdie verdwyning 'n betreklike laat ontwikkeling moet gewees het.

Ons vind nuwe vorme by die selfstandige naamwoorde helfte (pp. 30, 48, 114 ens.) en schaduwe (pp. 164, 174). In Nederlands is „helft" die selfstandige naamwoord wat dan na regte in Afrikaans „helf" (miskien „half") moes geword het, en soos ons gesien het, by Wikar, „helft" moes gebly het. Maar nou vind ons dat alleen „helfte" in die joernaal as selfstandige naamwoord gebruik word. Hier moet seker Duitse invloed te konstateer wees daar die selfstandige naamwoord in Duits H ä l f t e is wat met die Afrikaanse woordvorm ooreenstem. Wat schaduwe betref, kon dit na analogie van weduwe (pp. 28, 168), wat reeds in Nederlands so voorkom, ontstaan het.

By die meervoude van graf ~~en schoft~~ vind ons ook vormverandering. In Nederlands word die meervoud gevorm deur die vokaal te rek en die frikatief stemhebbend te laat word: graven, ~~schoven~~. Wikar se meer-

University of Cape Town

By die vergelykende trap van byvoeglike naamwoorde is Wikar lief om 'n onnodige d in te las. So kry ons klÿnder (pp. 26, 54, 74), spitsder (p. 72), groender (p. 72). In Nederlands bestaan „groender" naas „groener" (vgl. verder „schoonder" in Rigt. 15: 2, „meerder" in Joh. 15: 13) sodat ons hier kan aanneem dat „klynder" en „spitsder" by hom ontstaan het na analogie van ander soortgelyke vorms. Dan gebruik hy ook nog veelderley (pp. 66, 168), veelderhande (p. 122), driederley (p.114) wat weer na analogie van tweederlei kon gevorm gewees het.

Die Ndl. Wdb. sê dat eygentlÿk, namentlÿk vroeër naas vorme sonder die t bestaan het. Dit geld seker ook vir wezentlÿk. Uit die aanhalings blyk dat hierdie woorde veral in die 17de eeu met die t voorkom. Dit is dus begryplik dat Wikar skryf: eygentlÿk (pp. 142, 146), namentlÿk (p. 194), wezentlÿk (p. 196). In Afrikaans is „eintlik" in algemene gebruik, by „wesen(t)lik" is daar wisseling, terwyl „naamlik" die gewoonste vorm is alhoewel sommige mense seker ook sê „namentlik."

Die aanlas van 'n -s kry ons by die volgende woorde: verders (pp. 36, 104, 146), bezonders (pp. 108, 124, 146), teegens (p.90), wat onhollands en onafrikaans is. Ooreenkomstig Afrikaans vind ons die bywoord eenders (pp. 80, 86) wat in Nederlands „eender" is. Wat die bywoord teegenswoordig (p. 32) betref, verneem ons dat dit vroeër naas „teegenwoordig" in Nederlands gebruiklik was en nog gewestelik voorkom.

By 'n paar werkwoorde openbaar Wikar eienaardige vorms wat óf aan spontane ontwikkeling toe te skryf

University of Cape Town

moet wees óf alreeds in Nederlandse dialekte heel verskyning moet maak. Ons vind die samegetrekte vorm „brei" in die volgende verbande: „'t netvet word ... gebreyt" (p. 86), „word met gift gebreyd" (p. 134), „zo saft als seemsleer gebreyd" (p.142) en „gebreyde hartebeestvelle" (p. 148). Dis duidelik dat ons hier te doen het met die Nederlandse werkwoord „bereiden" wat, volgens van Dale, gebesig word „als term in de nijverheid, in toepassing op bepaalde bewerkingen die men eene stof laat ondergaan bv. leren, laken bereiden." Die Ndl. Wdb. meld dat bereiden gebruik word „soms met een persoon als voorwerp. Iemand voor iets gereedmaken. Zeldzaam." Vergelyk verder in hierdie verband die Afrikaanse vorme glo, blo, naas gelowe, belowe. Die samegetrekte vorm van „bereiden" word nie in die Ndl. Wdb. aangegee nie.

By „moorden" vind ons dat Wikar die d weglaat bv. mooren (p. 190), vermooren (p. 28), 'n verskynsel wat homself blykbaar nie in Nederlands openbaar nie en heeltemal ooreenkom met Afrikaans.

Dan gebruik Wikar versien (pp. 78, 102, 136) vir „voorsien." Die feit dat ons by van Effen in sy Holl. Spect. No.117 „verschieten" vir „voorschieten" kry, laat mens tot die gevolgtrekking kom dat „voor-" in werkwoordelike samestellings meermale oorgaan tot „ver-".

„Betrouwen" met die betekenis van „vertrou" is in Suid-Nederland die gewone term - vertrouwen is daar in die volkstaal onbekend. In die boernaal kom „betrou" in hierdie sin voor: „welke dieren hy niet betroude" (p. 144).

University of Cape Town

Aanraayde (p. 20) is weer 'n bewys van die feit dat Afrikaans uit die gemeensame volkstaal spruit, daar „aanraden" deur die Nederlandse volk „aanraaien" uitgespreek word. Hierby hoort ook gebraayde (p. 176) naas braden (p. 52), gaar gebraden (p. 58). In baie gewestе en meesal ook in die gemeensame Hollandse spreektaal is „braaien" die gewone uitspraak. Verder kry ons nog: goeie (pp. 54, 112), gebloeyd (p. 44), sneyen (p.102). Van die d tussen twee vokale sê Verdam dat „in de omgangstaal, d.i. in het Hollandsch, de d al naar gelang van den aard der voorafgaande vokaal in j of w is overgegaan." (Gesch. der Ndl. Taal p.110). In hierdie opsig het ons weer 'n verband tussen die Hollandse spreektaal en Afrikaans.

Die meeste van hierdie veranderings by Wikar, wat ooreenstem met Afrikaans, toon aan dat die Afrikaanse vorms berus op uitspraak in sekere Nederlandse dialekte of in die gewone spreektaal, en nie in die skryftaal gesoek moet word nie.

University of Cape Town

HOOFSTUK 11.

WOORDESKAT.

Wikar se woordeskat toon aan dat die Nederlandse taal aan die Kaap reeds in 1779 invloed van vreemde tale ondergaan het.

Kieri, kirie (p. 48) kom nie in Nederlands voor nie en is in Suid-Afrika aan Hottentots ontleen. Dieselfde geld vir karos(se) (pp. 54, 84, 134, 142 ens.). Wel vind ons in die Ndl. Wdb. : „karos- kros-znw. (het geslacht blykt niet). By de inboorlingen (Hott^{en} enz.) in Zuid-Afrika. De naam van een soort van kleed, ook dek of deken, bestaande uit zorgvuldig toebereide en kunstig aan elkaar bevestigde huiden," wat duidelik te kenne gee dat die woord via Afrikaans in Nederlands bekend gemaak het. Nog 'n Hottentotse substantief vind ons in noratje (p.90) wat baie minder bekend is as die twee vorig-genoemdes.

Tweemaal gebruik Wikar die woord taweetjes (pp. 120, 144), 'n verbastering van die Maleise groet „tabe" wat deur slawe uit die Ooste na die Kaap gebring is. Hierdie woord word maar selde, indien ooit, vandag in Afrikaans gehoor.

Kraal as afgepaalde ruimte waarin vee toegemaak word, word in Indië en in Suid-Afrika gebruik en is ontleen aan ~~Maleis~~ Port. : curral. Waar dit in Nederlandse geskrifte voorkom, is dit alleen in beskrywings van Indiese of Suid-Afrikaanse toestande. Verdere betekenis-uitbreiding wat die woorde aan die Kaap gehad het, is waar dit algemeen gebesig word vir 'n dorp van inboorlinge, die enigste sin waarin dit in die Dagverhaal te vind is (pp. 24, 32, 68, 116 ens.)

University of Cape Town

Lemoen, wat ons in die samestelling waterlamoen (p.122) in die koernaal kry, het in Nederlands gekom „uit fr. limon, dat door bemiddeling van een zuideuropeesche taal uit arab. leimûn komt; dat is ontleend aan perz. lîmûn, lêmûn. dat via Hindoestan uit het Maleisch - Polynesisch afkomstig is." (Ndl. Wdb.)

'n Ander ontlening in Nederlands uit 'n Suid-Europese taal is bamboe(s), uit port. bambu. Later sê Franck van Wÿk dat die afkoms nie heeltemal seker is nie, dat dit lyk asof die Portugese dit uit Maleis oorgeneem het, „maar misschien ligt de uiterste oorsprong inderdaad in een voor-indisch dialect." Wikar sê:„bragten zy er bamboeze met melk" (p. 144.)

Kalbasse (p. 148) is in Nederlands ontleen aan fra. calebasse of miskien regstreeks aan spa. calabaza. (Ndl. Wdb.)

'n Woord wat deur Wikar gebruik word, maar vreemd is aan Afrikaans, is meson (p. 192) wat ooreenstem met Nederlands „moesson." Dis 'n vreemde ontlening in Nederlands en kom uit fr. mousson wat gelykstaan aan port. mançã̊.

So sien ons regstreeks of onregstreeks Portugese of Oosterse invloed op Nederlands, sodat waar 'n vermoedelike Maleis-Portugese woord homself in Afrikaans openbaar, ons eers seker moet maak dat die woord nie via Nederlands na Suid-Afrika gekom het nie.

'n Duitse ontlening in Afrikaans vind ons in kranze(n) (pp. 54, 132), 'n woord wat vir die Afrikaanse taal onmisbaar geword het. Nog 'n bewys van Duitse invloed sien ons in die gebruik van tagt (p. 86) wat nie

University of Cape Town

(p. 132), klipkrans (p.112), kopbeen (p. 114), cordaatstuk(ken) (pp. 66, 86, 112), landreegen (p.192), malkop(gift) (p. 182), pakriem (pp. 72, 96), strohuyspaalen (p. 88), vanggat (p. 120), veldkost (pp. 30, 32, 96), wildgaate (pp. 48, 118) - almal samestellings wat vrywel in algemene gebruik in Afrikaans is.

Minder gewoon is deurslaggrond (p. 94), hartskrik (p.100), patwyzers (p.126) en toovermeester (p.42). Tweelingkraal (p.30) en tweelingvolk (p. 142) is vertalings wat Wikar gemaak het van Hottentots : Gyzikoa. Verder praat Wikar van 'n warlstroom (p.130) waar ons „maalstroom" het, en 'n kortom (p.26) in verband met tabak waar ons seker „'n span" sou sê. Dan is daar die raak-byskrywende samestelling aansmeerpraatje (p.138) wat heeltemal in Afrikaans tuishoort en meer tiperend is as „skinderpraatjie."

Schaapwagter (p. 92) en beestewagter (p. 94) is woorde wat vroeër in Nederlands bekend was maar nou verouder het. Die enigste voorbeeld van „beestenwachter" wat die Ndl. Wdb. aangee, word gehaal uit van Riebeek se „Dagverhaal," terwyl Mansvelt omtrent „schaapwachter" meld dat dit nog in Suid-Afrika voorkom, en die Ndl. Wdb. 'n aanhaling uit de Dekker gee waarin die woord gebruik word.

Samestellings met „baas" kom in Nederlands byna uitsluitend voor in die geval van handwerke bv. baastimmerman, metselaarsbaas, schoenmakersbaas, smidsbaas ens., waar „baas" ook sy eintlike betekenis van „meester" behou. In Afrikaans het dié klas samestellings geweldig uitgebrei, bv. baasbakleier, baashardloper, baasskopper ens. ens.

University of Cape Town

waar „baas" die uitgebreide betekenis van eersteklas, uitmuntend, het. In Wikar se samestelling baasdoodmaker (pp. 108, 110) kry ons 'n middel stadium tussen die twee betekenisse van „baas" wat genoem is. Hier beteken dit hoof, belangrikste, maar die feit dat die woord, 'n onhollandse samestelling, in die Dagverhaal te vind is, is reeds 'n flou aanduiding van wat die toestand later in die Afrikaanse taal sou wees.

In die Dagverhaal vind ons contra danzen (p. 170), 'n samestelling wat in Nederlands gevorm is in navolging van fr. contredanse, 'n verbastering van Engels: country dance, en hoks spokeryen (p.86) wat sou ontstaan het uit Nederlands hokus-pokus waarnaas ook vorme okes bokes, hokos bokos.

Ons kom klapperdop (p. 78) by Wikar teë, wat in Nederlands by vergelyking as skertsende benaming vir iemand se kop voorkom en af en toe in Afrikaans nog in hierdie verband gebruik word.

Naas „struisvogel" word in Nederlands die minder gewone „vogelstruis" ook gevind. Wikar maak alleen van laasgenoemde gebruik: voogelstruyseyers (p. 32), voogelstruys (pp. 86, 178) ens. en dis ook al vorm wat ons in Afrikaans het (volstruis). So kry ons ook spinnekop in die pleknaam „Spinnekopdraadkraal" (p.158). Hieromtrent sê van Dale: „Spin is eene verkorting van spinnekobbe, waarvoor men nu schrÿft spinnekop, dat in sommige streken koppespin luidt," en in die Ndl. Wdb. XIV, 2830, lees ons dat „spinnekop" met betekenis van spin „in het Noorden nog bÿna overal in de spreektaal de gewone naam (is), in het Zuiden gewestelÿk."

In die samestelling waterlamoen (p. 1aa), kry ons 'n voorbeeld van metatesis daar die woord in Nederlands verskyn in die vorm „watermeloen".

University of Cape Town

Aangaande oudmoeders (p. 86) vind ons in die Ndl. Wdb. dat „oud" plus 'n verwantskapsnaam dikwels voorkom „ter aanwyzing van een verderen graad van bloedverwantschap."

In die samestellings opligtman (p. 62), en opligtbroer (pp. 70, 138) het, „opligten" heel moontlik die betekenis van „aannemen, in dienst nemen," soos dit in Nederlands in verband met krygsvolk gebesig word (Ndl. Wdb. XI, 1005), maar hier met die verdere betekenis dat dié opgeligte persoon niks kan weier vir die een wat hom aangeneem of in diens geneem het nie.

Beschaarmans, - vrouwens (p.90) is waarskynlik gevorm met die werkwoord „bescharen" in die betekenis „zich zelf iets bezorgen, verschaffen, ook wel: iets verwerven" (Ndl. Wdb. 11^{11}, 1952). (Vgl. Afr. optel, veral in samestellings.)

Wikar skryf: „als zy gezogt word tot vrouw, dat is de broekkrosslagt" (p.66). Omtrent die afleiding van die samestelling sê Prof. Franken: „Ndl. Wdb. 111^{1}, 1480^{4}), broeken (eene vrouw) beslapen. Broek nog in dieselfde betekenis in Afrikaans. Dit kan wees dat „broekkros" 'n samestelling is met „broek", kledingstuk." (p.256^{38}). Vgl. Schulze Ndl. Namenkunde

Pleisterbeest (p.66) mag ooreenstem met Nederlands pleisterkoe: „koe die op stal met byzonder voedsel wordt vetgemetst" (Ndl. Wdb.XII^{1}, 976), daarin dat dit 'n bees is wat vir 'n bepaalde doel voorberei word. Dat 'n pleisterbeest vir siekte geslag word, laat mens wel vermoed dat „pleisteren: met pleisters beleggen" ook 'n rol speel in die samestelling.

University of Cape Town

Andersmaakslagten (pp. 62, 66) vind plaas by 'n keerpunt in die Hottentot se lewe. Dit is interessant dat Kolbe meer dan 'n halwe eeu voor Wikar ook „andersmaken" gebruik in verband met hierdie oorgangsplegtighede by die Hottentotte. (p. 65 voetnoot.)

Ons vind twee werkwoorde in die Dagverhaal wat suiwer Afrikaans is en nie in die 17de eeuse Hollandse volkstaal voorkom nie. Die eerste is aba (p.92) wat vandag heeltemal 'n deel van die Afrikaanse woordeskat uitmaak maar oorspronklik uit Hottentots oorgeneem is. Die ander werkwoord is padgee (pp.100, 102, 170, 178) wat daagliks in Afrikaans gehoor word en hier aan die Kaap ontstaan het. Albei hierdie werkwoorde is groot aanwinste vir die taal daar hul beknopter en kragtiger is as die lang, wydlopige Nederlandse uitdrukkings. Hoeveel makliker is dit nie om te sê „abba" vir „op die rug dragen" en gee pad! vir maak plaats! uit den weg! en dergelike uitdrukkings nie!

Wikar sê verder: „er begon witte water uyt te scyfferen" (p. 184), waar „scyfferen" ooreenstem met die Afrikaanse vorm „syfer" en afwyk van Nederlands: „sÿperen". Prof. Franken wonder of die f-klank nie stam uit die Indiese „tyferen" nie en dat „syfer" dan 'n kruisvorm tussen „sÿperen" en „tyferen" is (p.255). Ek kan net daarop wys dat die Duitse werkwoord „träufeln" ook die f-klank het.

Afrikaans is die vorm van die Nederlandse werkwoord „jagen" met betekenis: jag, wat oral in die joernaal voorkom as jagten (pp. 52,98, 100). In teenstelling hiermee vind ons dat by die selfstandige naamwoord nog die lang ā bewaar is: jaagers (pp. 102, 170).

University of Cape Town

Die werkwoord aanpresenteer in Afrikaans moet verklaar word as die gevolg van kontaminasie tussen „presenteeren" en „aanbieden". By Wikar vind ons „prezenteerden aan" (p.30), terwyl in Nederlands die werkwoord sonder die voorsetsel gebruik word.

Bakkeleyen (p.52) en zoebatten (p. 64) word ook in die Dagverhaal aangetref. Albei is werkwoorde wat reeds in Nederlands aan Maleis ontleen is en dus geen bewys lewer van direkte Maleise invloed op Afrikaans nie.

In gepraktizeerd (pp. 48, 80, 126) herken ons ons werkwoord prak(ke)seer. Reeds in Nederlands bestaan die byvorm „prakkezeeren"wat dan verder in Afrikaans saamgetrek is tot „prakseer."

Wikar skryf: „ik hebbe ze ook somtyds zien huylen maar wat ze beweent, weet ik niet (p.84) en „een treurlied ... die met huyle gepaart gong; dat is een aardig huyle" (p.106). In die Nederlandse skryftaal word „weenen" gebruik, terwyl in die spreektaal van Holland „huilen" gesê word en in ander gewestе „schreien." Die Afrikaanse „huil" sal dus seker 'n Hollandse oorlewering wees.

Die gebruik van geeft in die volgende verband: „de Hottentots zeggen dat er in deese rivier geeft zo groote als een mens" (p.114), moet aan Duits toegeskryf word.

Daar is een bywoord in die Dagverhaal wat met sekerheid in sy gebruik as Afrikaans kan bestempel word. Wikar sê: „de olifanten ... draayden kortom" (p.44) waar „kortom" in Nederlands alleen beteken in kort,kortliks, bv. kortom gezeid. In Afrikaans het die bywoord hierdie Nederlandse betekenis en ook nog die betekenis soos ons

University of Cape Town

dit by Wikar vind bv. kortom spring.

Sowel Afrikaans as Nederlands is meestendeels (pp. 116, 164). Hiernaas kom daar nog 'n vorm meestendeels (p. 164) voor. Wikar gebruik „de meeste part" as bywoord: „zy koomen van de Zountama de meeste part" (p. 76) terwyl dit in Nederlands as geheel opgeneem word en as selfstandige naamwoord gebruik word, bv. De meeste-part van onze menschen. Aan die ander kant kom „de meeste gedeelte," want ooreenstem met Nederlands: „de(n)(of het) meeste(n) deel" en gelykbetekenend is met „de meeste part", by Wikar grammatikaal korrek voor, bv. „de meeste gedeelte van haare kooper," (p. 154).

„Van zÿn leeven" (p. 36) en „van mÿn leeven" (p. 60) het nog grotendeels hul Nederlandse betekenisse in die joernaal, nl. in die tyd dat ek (ens.) geleef het of sal leef, solank ek (ens.) geleef het of sal leef. In Afrikaans beteken vanmelewe, vans(e)lewe eenvoudig lank gelede, vroeër. Knap met betekenis „skaars", bv. „de fonteyne...die...knap voor een mens water hadden" (p.118), is Nederlands maar word af en toe ook in Afrikaans aangetref. Flus in die sin van „kort gelede", bv. „flus genaamd" (pp. 44, 78), is nie meer in algemene gebruik in Nederlands nie maar wel nog in Afrikaans. Meer as eenkeer praat Wikar van iets of iemand „bont schieten" of „bont goeyen" met pyle en assegaaie (pp. 60, 104, 160). In Nederlands word „bont" met betrekking tot allerlei handelinge gebruik, sodat ons hierin geen vreemde invloed of persoonlike eienaardigheid hoef te sien nie.

Zoals is in Nederlands alleen 'n vergelykende, onderskikkende voegwoord, bv. Het is zoals ik u zeg, maar Wikar gebruik dit as bywoord van tyd bv. „zoals de wind

University of Cape Town

draayd" (p. 74), „zoals hy teegen den grond viel" (p. 108), „zoals een steenbok maar opspring" (p.174) ens. ens. Dit kom ooreen met soos in Afrikaans wat dikwels met betekenis van wanneer, sodra, in die spreektaal gehoor word. Dewyle (p. 58) instede van omdat, daar, aangesien, verskyn wel in Nederlands. Wanneer (p. 54) en als (pp. 182, 184) word deur Wikar gebruik vir toen, als wanneer, bv. „By myn tweede togt hebben wy ze tog bepraat, dat ze afgekoomen ayn, wanneer wy vreede met haar gemaakt hebben" (p. 54). Eienaardig is ook die gebruik van „vandat" in plaas van „omdat" : „want van dat hy zo hoog is... ziet hy een mens al van verre" (p. 186).

Wikar het deurgaans assurant (pp. 44, 98, 100) waar Nederlands en Afrikaans vandag seker sou gehad het „astrant", alhoewel „assurant" nog in Nederlands voorkom. „Heslyk (p.134) kom eenmaal voor. Dit is Duits „häzlich" wat van die Ooste uit in Nederlands moes ingedring het en blykbaar in die 17de eeu baie gebruiklik was. (Ndl.Wdb.)

Duitse invloed sien ons in „met zamt vrouw en kinderen" (p. 132), „met zamt myn maat" (p. 16), wat vandag nog baie dikwels in Afrikaans gehoor word alhoewel in veranderde volgorde nl. met - saam, bv. met 'n mes saam.

Naamgewing.

Ontlenings en nuwe Afrikaans samestellings kom in die Dagverhaal voor as benamings vir plante, bome en diere.

So kry ons boegoe (pp. 62, 122) en daga (pp. 36, 62, 120), albei uit Hottentots oorgeneem, en die verdere Afrikaanse plantname : fluytjesriet (pp. 130, 178), witgras (p. 58), witte wortel (p. 58) en melkbos (p. 182).

University of Cape Town

Biezemgoed (p.50) kom seker ooreen met Afrikaans biesiegoed daar die Ndl. Wdb. „bies" aangee as benaming van plante wat in vogtige grond groei met meervoud „biezen" en hier en daar in Wes-Vlaandere „biezem". Dit mag ook wel 'n kontaminasievorm wees van „bies, biezen" en „bezem", daar die betekenisse nie so 'n verwarring onmoontlik maak nie.

Bekende Afrikaans boomname is: buffeldoorn (p. 122, haakdoornbos (p.98), kameeldoorn(boome) (pp. 58, 122, 172) Kareeboome (p.136), kookerboom (p.54), rivierdoorn (p.122), wagt een beetje (p. 58), weerhaakdoorns (p. 48). Die koouwboom (p.188) is minder bekend - miskien 'n ander benaming vir „kouebos."

Afrikaanse diername vind ons in koedoes (p. 106) en quagas (p.178) wat albei aan die inboorlinge-taal ontleen is. Die voëlnaam loeri (p. 74) is reeds in Nederlands uit Maleis oorgeneem. Die twee vorms „lori" en „loeri" bestaan naas mekaar in Nederlands. Instede van „rhinoceros" gebruik Wikar die Afrikaans vorm renoster (pp. 46, 66, 96). Sprinkhaas (p. 154) blyk 'n Afrikaanse samestelling te wees, asook eerdwolf (pp. 46, 74). Tigerwolf (p. 74) kan sowel Nederlands as Afrikaans wees ~~ander~~ daar „tÿger" in Nederlands dikwels in samestellings voorkom bv. tÿgerkat, tÿgerpaard ens. Omtrent genzebok (pp. 46, 74) in plaas van „gemsbok" beweer Prof. Franken dat dit 'n poging is om die genasaleerde klank weer te gee (p. 243). 'n Slangnaam wat moontlik in Suid-Afrika samegestel is, is geele slang (p.134) terwyl kooper kappelle (p. 134) 'n verbastering is van port. cobra de capello.

Verskeie van Wikar se rivier- en plekname is interessant om na te gaan. Oral in sy joernaal praat

University of Cape Town

hy van die „groote rivier" (pp. 20, 22, 26 ens.), 'n naam wat nog aan die Oranjerivier toegeken word. Zabisies rivier (p. 34) is afgelei van tsabi wat beteken swartebbenhoutbome en was blykbaar vroeër bekend met daardie naam (p. 34 voetnoot 24). Vandag heet dit die Klein Pella rivier.

'n Heuwel wat tussen Kakamas en die Augrabies-valle lê, word deur Wikar renosterkop (p.120) genoem - 'n letterlike vertaling van Nama: Nawapŗana. Die heuwel is in die vorm van 'n renoster se kop en dra vandag nog daardie naam. Kamusbergh (p.198), op sy landkaart Chamachus bergen genoem, is die teenswoordige Kamiesberg. Gu-daås (p.20), wat beteken Skaapdrif, vind mens by die teenswoordige Goodhouse. Laasgenoemde kan klanknabootsing van Gu-daås wees. Coboopfontein kom in die Dagverhaal voor as Chabous (p.34) waar mens ook klanknabootsing kan aanneem. 't Warme bad (p. 26) is 'n plek wat nog daardie naam dra en die hedendaagse Roggeveltberge lê seker in die streek wat deur Wikar 't roggevelt (p. 100) genoem word.

Dis ook veral interessant om te sien dat die streke om die Kaap blykbaar reeds in die 18de eeu beskou is as bo, hoog liggende. Wikar praat van Claas Barend „een Goeyeman Hott. uyt 't boovenveld" (p. 22). In die voetnoot onder aan dieselfde bladsy word vertel dat die naam Goeyeman nog behoue is in Goedemans Kraal, die naam van 'n plaas in Piketberg distrik. Met 't boovenveld sal dus seker Piketberg en die omliggende streke bedoel word, 'n distrik wat na genoeg aan die Kaap lê om mens te laat vermoed dat mens hier met die Boland te doen het.

University of Cape Town

Ander bewyse van die feit dat alreeds in die 18de eeu die Boland-idee daar was, vind ons in sinne soos die volgende: „als men met een ander mans wagen opkomt" (nl. na die Kaap) (p. 184) en „een man die ... na booven, namelyk de Caap op reyden wilde." (p. 196).

University of Cape Town

HOOFSTUK III.

WOORDBETEKENIS.

Op verskeie plekke In Wikar se Dagverhaal sien ons dat daar groot verandering op die gebied van woordbetekenis plaasgevind het.

Die uitdrukking „op pad wees" het by Wikar en in Afrikaans 'n ander betekenis as in Nederlands waar dit gebruik word vir „op die been wees, op straat wees, uit wees ens.". Wikar word vertel „dat diegene welke op pat zÿn, wat in de kaysi vindende, datzelve vrÿelÿk moogen gebruyken" (p. 118). In Afrikaans beteken „op pad wees" ook, soos by Wikar, op reis wees (vgl. padkos vir reisbehoeften), alhoewel die oorspronklike Nederlandse betekenis nog daarnaas bewaar is.

Die woord klip (pp. 50, 94, 174), wat in Afrikaans so verskriklik algemeen is, kom dikwels in die Dagverhaal voor en ook in 'n paar samestellings bv. klipgat (p. 94), klipgrond (p.48), klipheuwels (p.100), kliphuyse (p. 132) en klipkrans (p.112). In die betekenis van rots - op die land, rotsblok, word dit herhaaldelik in Mnl. geskrifte gevind, maar is dit in Nederlands verouderd. Verder sê die Ndl. Wdb.: „uit den aard der zaak werd klip in de betekenis rots-op het land, door de 17de en 18de eeuwse kolonisten in Zuid-Afrika gebezigd en eveneens in de betekenis rotsblok. In de toepassingen bleef het daar in gebruik, en voorts werd het er een benaming voor een door de natuur gevormden steen in 't algemeen." (VII[11], 4142).

Poort kom in die joernaal alleen voor in die betekenis van 'n nek, 'n deurgang tussen berge of heuwels, bv. „een nauwe poort na de rivier" (p. 36). Op bladsy 102 blyk uit wat voorafgaan dat „poort" daar beteken 'n

University of Cape Town

nou plek tussen berge, en dan op bladsy 192 lees ons: „enige naauwe passagies en poorte die deur de bergen na 't rivier afgaat." In die Ndl. Wdb. word ons vertel dat poort „in minder eigenlÿk, eenigzins dichterlÿk gebruik" doorgang, toegang, bateken, „soms bepaaldelÿk voor bergpas, doorgang tusschen twee bergen. Uit den aard der zaak gewoonlÿk een vertaling bv. Westfaalsche Poort (Porta Westfalica), Ijzeren Poort (waar de Donau door de Transsylvaansche Alpen breekt en in Walachÿe valt)." (XII^{11}, 3350). Hieruit blyk dat „poort" in hierdie sin in Nederlands meesal in eiename voorkom, terwyl dit in Afrikaans die gewoonste verband is waarin dit gebruik word.

Drift (pp. 20, 22, 130, 132) in die sin van „doorwaadbare plaats" word nie so in Nederlands aangetref nie. Daarvoor gebruik hulle „voord" wat ooreenstem met Engels „ford." Die Engels „drift" is 'n oorneming van die Afrikaanse woord en word ook net in Engels in Suid-Afrika aangetref.

In Nederlands beteken schoft (pp. 54, 104, 112 ens.) 'n werktyd tussen twee ruspouses. Dan gee die Ndl. Wdb. 'n ander betekenis aan nl. die tyd waarin 'n mars of trek nie afgebreek word nie, maar die enigste voorbeeld van gebruik in hierdie verband word uit van Riebeek se Dagverhaal gehaal. Dit is dus duidelik dat hierdie betekenis aan die Kaap ontstaan het en ook alleen hier gebruik word.

By scherm (p. 40) het daar uitbreiding van betekenis plaasgevind daar Wikar dit gebruik in die

University of Cape Town

sin van „beskulting" en dit in Nederlands nie in hierdie verband voorkom nie.

Vernouing van betekenis moet ons sien in die Afrikaanse asook Wikar se gebruik van volk (pp. 30, 36, 100 ens.) 'n Nederlander sal bv. sê: „er is volk binnen," „er komt volk over," „er was veel volk op de markt," waar ons in al die gevalle „mense" sou sê. By Wikar, en gewoonlik in Afrikaans, is „volk" gebruiklik vir bruin en swart mense. Met betrekking tot wit mense kom dit voor wanneer daar aan 'n nasie as geheel gedink word, vgl. volksman, volksdigter, volksdrag, die Afrikaner-volk, die volkere van die wêreld, ens.

Nog groter is die vernouing van betekenis by meyd (pp. 20, 22, 86, 88), wat ons alleen gebruik in verband met gekleurde persone van die vroulike geslag. Dit kom ook in die Dagverhaal alleen so voor.

By Wikar en in Afrikaans word ooi gebruik om sowel „ooi" as „geit" in te sluit, vgl. bv. ooybok (p. 78) en ooy op bladsy 92 waar ons dit met betrekking tot skape aantref.

Kluytjes (p. 58) beteken in die Dagverhaal en in Afrikaans 'n sekere gereg bestaande uit deegbolletjies. In Nederlands word „kluit" met betrekking tot deeg gebruik waar dit voorkom in die sin van 'n klont, 'n klomp, wat nie noodsaaklik met 'n bepaalde doel gevorm is nie. Spesialisering van betekenis moet blykbaar aangeneem word by Afrikaans: kluitjies, wat ook net as diminutief voorkom, met die betekenis bolletje, knoedeltje.

Ons lees verder van „6 kraalen, die tot haare

University of Cape Town

oorlog hooren" (p. 172), waar „oorlog" met die betekenis van „oorlogsterkte" gebesig word, 'n gebruik wat alleen by Wikar te vind is en nie Nederlands of Afrikaans is nie.

Op bladsy 166 sê Wikar: „dan is de Blip haare ruylgoed al gedaan," waar in plaas van gedaan Nederlands sou gehad het „op." Hierdie gebruik van „gedaan" is blykbaar suiwer Afrikaans.

Dronken beteken in Nederlands gewoonlik beskonke, besope. In die kindertaal word dit gebesig vir draaierig, duiselig, „inzonderheid ten gevolge van snel ronddraaien," en dan kan mens ook „dronken zyn van vreugde of blydschap." Uitbreiding van die betekenis van „dronk" in die sin van draaierig, duiselig, vind ons by Wikar: „hy was maar dronken van die schoot," (p. 108), „dronken worden" (nl. van rook) (p. 156). Dis 'n algemene gebruik van „dronk" in Afrikaans waar die duiseling nie net hoef te ontstaan as gevolg van 'n vinnige ronddraaiery nie.

In die Dagverhaal vind ons sterk in verband met water, bv. „dat de water nog te sterk was" (p. 24), „is 't water zeer sterk van trek" (p. 114). In Nederlands word „sterk" wel aangetref met betrekking tot 'n stroom bv. van 'n rivier, maar soos dit by Wikar voorkom met water het dit 'n byna suiwere Afrikaanse geur.

Ook trek in verband met watersnelheid of 'n stroom (vgl. is 't water zeer sterk van trek) is nie Nederlands nie, terwyl dit gewoon is om in Afrikaans te sê: die stroom trek te veel, die water trek te veel ens.

Op bladsy 130 sê Wikar: „hier loopt 't water

University of Cape Town

ook zeer vinnig," - 'n gebruik van „vinnig" wat Afrikaans is, inderdaad dit is met hierdie betekenis dat die woord gewoonlik in Afrikaans voorkom. „Vinnig" met die Nederlandse betekenis bits, skerp, word minder dikwels gehoor.

In van Dale se Woordeboek word puur as byvoeglike naamwoord aangegee met betekenis vanlouter, suiwer, maar in die voorbeelde wat volg, bepaal dit alleen abstrakte selfstandige naamwoorde bv. pure waarheid, liefde, nieuwsgierigheid ens. Waar Wikar praat van „puure loot" (p. 36) en „puur vrange veldkost" (p. 96) het ons heel moontlik met 'n Afrikaanse verskynsel te doen.

In die volgende voorbeelde: „als ... 't vuur dood is" (p.82), „word de vuur ... doodgemaakt" (p.110), kom dood en doodmaak in Afrikaanse gebruik voor. Hulle word inderdaad in Nederlands alleen gebesig met betrekking tot lewende persone of dinge.

Uit aanhalings in die Ndl. Wdb. blyk dat die werkwoord rÿzen gebruik word in verband met riviere alleen wanneer hulle, in die nabyheid van die see, swel as gevolg van die vloed. Ooreenkomstig Afrikaans sê Wikar: „de rivier begon te reyzen" (p. 130), uit die verband, weens reën hoër op langs die rivier. Ons kom ook die werkwoord sak met betrekking tot 'n rivier teë nl. „de rivier ... zakte" (p.20). In Nederlands word gepraat van water wat sak, maar in bostaande verband sou die gewone uitdrukking seker wees: de rivier loopt af. Verder sê Wikar: „waarop de voet tog die nagt zakte" (p. 184), 'n gebruik van „sak" wat

University of Cape Town

ooreenstem met Afrikaans maar afwyk van Nederlands waar 'n geswel „afneemt of slinkt."

Kry, soos dit in die Dagverhaal en trouens ook in Afrikaans aangetref word, : „dan kunnen ze met behulp van de honden zulke kalvers krygen" (p. 46), „had ik 't geluk ... om een kameleopardalis te krÿgen (p. 184), kom ooreen met die Nederlandse omgangstaal en wyk af van de skryftaal waar „bekomen" die gewone term is.

Keeren word in Nederlands „figuurlÿk gebezigd voor: Eene zaak stuiten, verhinderen, beletten," (Ndl. Wdb. VII[1], 1978), soos dit ook in die Dagverhaal voorkom : „maar ik en Claas Barend keerde zulks" (p.70). Dit word egter nie figuurlik gebesig met 'n persoon as voorwerp nie, soos ons dit by Wikar aantref: „dan zoude ik capiteyn Ouga niet meer keeren" (p.70), en soos dit nog so dikwels in Afrikaans voorkom nie.

Afslachten het 'n deeglike wysiging van betekenis ondergaan. In Nederlands tref mens dit aan in die sin van „iemand een dier afslachten," wat beteken „het hem doen verliezen, hem ervan berooven, door het te slachten en weg te nemen." (Ndl. Wdb. 1, 1421). Wikar gebruik die woord alleen soos ons dit vandag nog ken met betekenis van „villen, stroopen," bv. „commandeer hoe 't beste vleys voor hem ... moet afgeslagt worden" (p. 108), „een hartebeest die de Bossiesmans uythaalden en afslagteden" (p. 118), „een hartebeest daarin gevonden, die wy afgeslagt hadden" (p. 120), „een afgeslagte voogelstruysvel" (p. 178) en so meer.

Wat sy woordeskat betref, sien ons dat Wikar

University of Cape Town

se taal in hierdie opsig reeds sterk ooreenstemming met Afrikaans toon. Die taal aan die Kaap het binne omtrent 'n honderd jaar groot vordering op hierdie gebied gemaak en lewer belangrike bewyse van 'n snelle selfstandige ontwikkeling, deels onder invloed van vreemde tale. Woorde uit ander tale moes oorgeneem word om die vreemde sake te karakteriseer, bekende woorde moes bulle betekenisse wysig om by die nuwe landstoestande en -omstandighede aan te pas.

University of Cape Town

HOOFSTUK IV.

WOORDORDE.

Dis veral wanneer ons by Wikar se woordorde kom dat ons blyke van sy „vreemdelingskap" bespeur. Geen Nederlander sou party van die sinne wat in die Dagverhaal verskyn, kon geskryf het nit.

Moontlike Afrikaanse woordoorde kry ons waar Wikar indirekte rede weergee en nie sy werkwoorde op die regte plek plaas nie, bv. „maar hy zeyde my dat de tobak was net zo goed als beeste van mÿnkant"(p. 38), „van avond proponeerde ik mÿn reysgezelschap dat wy moesten beurt om beurt 's nagts wagt houden" (P. 108), „en zeyde dat de haas kon beeter loopen als hÿ" (p. 140), „zy vertellen, dat de Key Korakkoa... zÿn nog sterker als zÿ" (p. 172). In ons gewone spreektaal hoor mens dikwels 'n woordorde wat gelykstaan aan die voorafgaande sinne. Vreemde invloede het seker ook in hierdie verband gegeld, maar dit is 'n afwyking wat tot die Afrikaanse spreektaal beperk is en nie geskryf word nie.

Wikar het blykbaar moeite gehad met die Nederlandse werkwoorde, want daar kom nog meer sinne voor waar hy hulle of nie aan die end van die sin plaas nie of in 'n verkeerde orde rangskik, bv. „onbegrÿpelÿk voor mÿ hoe zÿ ... kunnen zo diepe gaate graaven" (p. 48), „want als mÿn gezelschap 'savonds gongen met een leege maag slaapen" (p.140), „laat men hem maar loopen zÿn cours" (p.174) - almal sinne wat verraai dat nie 'n Hollander aan die woord is nie.

University of Cape Town

Voorsetsels het moeilikheid veroorsaak want verskeie male staan hulle nie onmiddelik voor die selfstandige naamwoord of begrip wat hulle bepaal nie bv. „als wÿ de halve dag omtrent gereeden hadden" (p.96), „eenige van deeze eylanden loop de water over als de rivier vol is" (p. 124), „de vrouwen kunnen zowel de kunst om door de groote rivier te zwemmen, als de mans en de kinderen" (p.128), „en omtrent nadat ze een half uur met den leeuw in de nagt gevogten hadden" (p. 172).

In die volgende sinne is die bepalings op die verkeerde plekke : „Namacquoas die zeer vee rÿk zÿn" (p. 40), „een zoort zware steen van gewigt" (p. 50), „een aangename vrugt van smaak" (p. 58), „scherper en leelyker van reuk" (p. 72), „een zoort groote boom" (p. 116), „die beste 8 koeyen" (p. 42), „groote 5 schofte hooger" (p. 158).

In die Dagverhaal vind ons 'n paar voorbeelde van „hiervan" en „waarvan" wat skeidbaar voorkom: „ik hebbe hier een vel van ... meegebrogt" (p.54), „waar ik ook een vel afgeslagt van hebbe" (p. 70), „waar ik de vel van meegebrogt hebbe" (p. 184), „deeze kraal waar ik maar de helfte van gezien heb" (p. 172) ens. In Afrikaans en tewens ook in die Nederlandse spreektaal is hierdie woordorde vry gewoon en heeltemaal toelaatbaar.

Ander onreëlmatighede vind ons waar woorde weggelaat word. Dit kan te wyte wees aan sorgeloosheid by die skrywer of wel by die drukkers, bv. „met pÿl gekwetste" (p. 32), „leggen zy stuk 2, 3 à 4 naast malkander" (p.50), „zy probeerden ... welke op 't

University of Cape Town

langst 't danzen uythouden" (p. 88), „want van Hott^{s}. heb ik geleert" (p. 98), „om dat haar uyt de kop praaten" (p. 152).

As mens dink aan die omstandighede waaronder Wikar sy Dagverhaal opgestel het dan sal mens moet onthou dat hy seker baie gejaagd moes geskryf het, wanneer verkeerde woordorde en die weglaat van woorde dan baie verstaanbaar sou wees. En dan selfs by 'n oorsig sou hierdie foute hom seker ontglip het omdat hy nie dieselfde taalgevoel het en so sensitief is vir taaleienaardighede as wel die geval sou wees by 'n gebore Nederlander nie.

University of Cape Town

HOOFSTUK V.

GRAMMATIKA.

Selfstandige Naamwoorde.

Getal.

Meervoude van selfstandige naamwoorde word in Nederlands meesal gevorm deur 'n -en-uitgang, maar ook heel dikwels met -s, -eren, -ers. Wat die -en-meervoud betref, sê Holtvast dat „men in de beschaafde gesproken taal zowel bome, vrouwe, boeke, liedere, als boomen, vrouwen, boeken, liederen" hoor. (Beknopte Nederlandse Spraakkunst, p. 38.). In die Dagverhaal vind ons dat Wikar net so dikwels, indien nie meermale nie, die -n in die meervoud van selfstandige naamwoorde weglaat as skryf. Hy het beyen (p. 54) naas beye (p.54), beesten (p.38) naas beeste (p.38), honden (p.46) naas honde (p.40), meyden (p.20) naas meyde (p.24) ens. en ook nog jakhalse (p.54), katte (p.54), punte (50), slange (p. 54), stemme (p. 46), vlerke (p.50), en talle van ander woorde waar hy die -n aflaat. Daar heers 'n stryd by Wikar tussen die spreek- en die skryftaal, 'n stryd wat later in Afrikaans beslis is ten gunste van die spreektaal-vorm. XX

Na analogie van die Nederlandse woorde wat in die meervoud 'n -s kry, het in Afrikaans 'n uitbreiding van die -s-meervoud ontstaan. (Dr. D. B. Bosman - Ontst. van Afr., p. 135). By Wikar kan ons reeds blyke hiervan sien. Hy praat bv. van olifants (p.44) naas olifanten (p.44), van camraads (p. 196) naas camraten (p. 166), van

University of Cape Town

Hottentots (pp. 20, 22, 28) naas Hottentotten (pp. 20, 44, 142), en van ribbes (pp. 74, 100), waar Nederlands net -en-uitgange by hierdie woorde het en ons in Afrikaans kry olifante, kamerade, Hottentotte en ribbe naas ribbes.

Ons kom ook die volgende meervoude in die Dagverhaal teë : grasvlaktens (pp. 118, 174), vlaktens (pp. 50, 58, 102, 192), gediertens (pp. 54, 66, 164), vrou(w)ens (p.28) naas vrouwen (pp. 28, 66) en ziektens (p.66). In beskaafde Nederlands sou die -s nie gevind word nie. Maar by gedierte, mv. gedierten, meld die Ndl. Wdb. dat voorheen ook gediertens en nog in die volkstaal gediertes voorkom. Miskien kan ons hiervan aflei dat die -ens-uitgang verouder is, maar in die volkstaal as -es bewaar gebly het.

Waar daar by seker woorde in Nederlands die -s-uitgang naas -en gebruiklik is, vind ons dat Wikar voorkeur gee aan die meervoud op -s. So skryf hy : broe(de)rs (pp. 28, 82), eyers (pp. 32, 176), kalvers (pp. 44, 46), smits (p. 78), zoons (p. 194), terwyl kinders (pp. 52, 68) omtrent net so dikwels as kinderen (pp. 20, 24) voorkom. In hierdie opsig is Wikar se taal in ooreenstemming met Afrikaans.

Somtyds in Nederlands verskil die meervoudsvan die enkelvoudsvorm daarin dat die klinkers verskillend is. Daar kom in die Dagverhaal 'n paar voorbeelde voor waar 'n gelykmakingsproses homself laat geld het en hierdie verskil uitgewis is. So kry ons dat by grafte (pp. 28, 94) ~~en schoft(en) (pp. 54, 104, 128)~~ die klinker van die enkelvoud by die meervoud ingedring het,

University of Cape Town

terwyl by schoot (pp. 38, 108), Nederlands schote, mv. schoten, die teenoorgestelde werking plaasgevind het. (Vgl. verder Afrikaans dakke, skippe ens.).

Wikar gebruik 'n paar selfstandige naamwoorde in enkelvoudsvorm maar met meervoudige betekenis. In die volgende gevalle : „'t vreeten van de vis" (pp. 36, 102), „deeze Blipsrivier ... rÿk van zeekoeye en vis" (p. 158), word „vis" as 'n soortnaam gebruik. Veral in die laaste voorbeeld, waar dit met „zeekoeye" verbind is, kan ons sien dat dit 'n meervoudsbegrip bevat. So gebruik Wikar ook „spoor" : „voetpaaden van beestespoor" (p. 94), „de beestewagters haare spoor" (p. 94), „is 't veld vol met spoor" (p.186), „zelden krÿgt men spoor na 't rivier toe" (p. 186) - almal gevalle waar dit duidelik is dat hy „spore" bedoel. Waar Wikar sê : „der capiteynennaam waaren Gounzaap en Ouga" (p.32), moet ons aanneem dat „naam" die meervoud uitdruk. Die lengte van die woorde en die uitgang van „capiteyn" mag hom afgeskrik het van 'n uitgang by „naam" ook nog te voeg.

Diminutiewe.

Wikar laat baie van sy verkleinwoorde op -ie(s) uitgaan, soos dit vandag algemeen in Afrikaans die geval is. bv. barsies (p. 42), bossies (pp. 38, 176), dansies (pp. 86, 166), dassies (pp. 54,98), kervies (p.100), knopies (p. 188) (vir knoppies), lappie (pp. 142, 180), plekkies (p. 184), stokkies (p. 156), stukkie (pp. 120, 152), takkies (pp. 50, 94, 180), zakkie (p. 148) naas besjes (p. 188) en brokje (p. 62). Daar is die eienaardige selfstandige naamwoord een hoogie (p. 160) vir wat ons seker 'n hoogtetjie sou noem en die bywoorde: flussies

University of Cape Town

(p. 174), knappies (p. 176), lossies, (pp. 190, 192) en zagties (p. 168). Hierdie beginsel stam uit die Hollandse dialek soos ons van Overdiep verneem : „Het suffix voor vorming van verkleinwoorden is -tje, met eenige varianten al naar den voorafgaanden consonant : stangetje, kannetje, kommetje, boompje, vlierinkje. In het Hollandsch bovendien - ie : hekkie, lappie, reisie, boompie." (Stilistische Grammatica, p. 231). Volgens die paar voolbeelde wat Overdiep aangee, en soos ons van Wikar se gebruik kan aflei, is die -ie-uitgang eers gevoeg by woorde met 'n slot -f, -k, -p, -s. Die -tjie moes wel 'n latere analogiese ontwikkeling gewees het. Wikar skryf deurgaans peyltjes (p. 52), kraaltje (p.58), houtjes (p.152), pootje (p. 154), rietje (p. 190) ens. ens., met die een uitsondering van die bywoord zagties (p. 168) wat ook nie ooreenkom met Afrikaans nie omdat die j-klank vermis ~~is~~ word.

„'t Veelvuldig gebruik van verkleinwoordjes, aan 't Afrikaansch eigen," (Prof. Hesseling - Het Afrikaansch, p. 134) - hierdie bewering word gestaaf deur die feit dat ons in die Dagverhaal kry : boontjes (pp. 116, 118) en rozyntjes (pp. 58, 122, 130, 136), twee woorde wat in Afrikaans ook gewoonlik as verkleinwoorde voorkom terwyl in Nederlands meesal gesê word : „boonen" en „rozynen."

Geslag.

In Nederlands vind ons dat die substantiewe verdeel kan word op grond van hul geslag. Holtvast verkies om hulle in te deel in de- en het- woorde daar hy meen dat dit aan te beveel is om die term geslag heeltemal in hierdie verband te vermy. Die 17de eeuse Hollandse volkstaal, waarvan dit aangeneem word dat Afrikaans afgelei is, het baie afgewyk van Nederlands soos ons dit vandag uit boeke ken. „Op die gebied

van die woordgeslag in Hollands het daar die grootste verwarring geheers, nie alleen tussen dialekte onderling nie, maar in dieselfde dialek, by dieselfde skrywer." (Dr. D. B. Bosman - Ontst. van Afr., p. 104). Later is die geslagsindeling deur taalkundiges bepaal en vasgelê. Dit is dus begryplik dat ons in die Dagverhaal vind: de vel (p. 100), de bloed (p.110), de mes (p. 112), de ongeluk (p. 124), de spoor (p. 174), de vlÿs (p. 32), de zand (p. 38), de bier (p. 60) naas 't bier (p. 60), de bos (p. 44), naas 't bos (p. 42), de water (p.24) naas 't water (p. 114), de vuur (p. 38) naas 't vuur (p. 44), 't rivier (p. 192) naas de rivier (p. 192) ens. ens., daar aan die Kaap geslagsverwarring sonder enige remmende faktore vrye ontwikkeling kon ondergaan, 'n ontwikkeling wat gelei het tot algehele defleksie op hierdie gebied in Afrikaans. Selfs in die geval van verkleinwoorde vind ons dat Wikar geen geslagsgevoel openbaar nie, bv. de kraaltje (p. 68), de pootje (p. 154), en daarteenoor 't meysje (p. 82) - 'n gebied waarop daar seker nooit enige verwarring geheers het nie.

Verbuiging.

In 'n paar gevalle vind in Nederlands verbuiging van die selfstandige naamwoord plaas alleen in die tweede naamval enkelvoud. By Wikar vind ons voorbeelde van verbuiging in die genitief wat bepaald gemaak-deftig voorkom, bv. „van des olifants beenen" (p. 44), „de overzÿde des riviers" (p.46), „des patients arm" (p. 68), „de kuyle des riviers (p. 80), „de bogt des hoorns" (p.100), naas talle van ander instansies waar die genitief omskryf word deur middel van die voorsetsel „van."

University of Cape Town

Lidwoorde.

Bepalende lidwoorde in Nederlands is de en 't (het), terwyl 'n (een) die lidwoord van onbepaaldheid uitmaak.

In die skryftaal word „de" in 'n voorwerpsvorm „den" geplaas wanneer dit as bepaling staan, „by namen van mannelÿk personen en by de namen van dieren, die uitsluitend een mannelÿk individu noemen, of een gebruikelÿke afleiding op -in teraanduiding van het vrouwelÿk individu naast zich hebben". (Holtvast - Bekn. Ndl. Sprkunst, § 51.) Wikar se verbuiging van die lidwoord vind na willekeur plaas soos ons kan sien wanneer hy in die eerste naamval „den" het, bv. „den bossiesman" (p. 128), „den dans" (p. 88), „den patient" (p. 68), „den toovermeester" (p. 68), „den vryer" (pp. 82, 84) ens.; ook waar hy den as bepaling by onsydige substantiewe in die akkusatief, bv. den zand (pp. 174, 176), gebruik.

Die enigste bepaalde lidwoord in Afrikaans is „die," wat in Nederlands slegs as aanwysende voornaamwoord voorkom. „Die" as lidwoord in die joernaal is selde te vind daar in die meeste gevalle waar „die" gebruik word, dit moeilik is om met juisheid te sê of die voornaamwoord of wel die lidwoord bedoel word. In die twee volgende gevalle kan egter met taamlike sekerheid aangeneem word dat „die" die rol van die lidwoord speel. Ons lees bv. op bladsy 32 : „Den 13 Sept. slagteden zy een beest, waar zy mÿ en mÿn gezelschap ook van gaven. Wonderlÿk leeven zÿ want als ze op reys gaan slagten ze te huys en eeten dan zo lang

University of Cape Town

dat alles op is en met die buik vol loopen zy zonder kost meede te neemen, wel een maand lang, leevende alleenig van veldkost," en op bladsy 110: „Toe wy booven by de Aukokoa kwamen, ruylde hy een schaap om deeze vrolykheid te herhalen, en terwyl 't by malkander hoort, moet ik 't hier ook invoegen. Als hy nu 't schaap had, toe moesten al die assagaye van die Hott^{s}.. die mee eeten zouden, daarby weezen ....." In albei gevalle is daar niks waarop die „die" kan teruggaan nie en daarom moet hulle as lidwoord in gebruik wees.

Byvoeglike Naamwoorde.

In Nederlands word attributiewe byvoeglike naamwoorde soms voor onsydige selfstandige naamwoorde verbuig, soms nie. Nooit vind die verbuiging egter plaas by het-woorde wanneer geen bepalende woord voorkom nie en ook nie wanneer „een" voorafgaan nie. Op hierdie punt is Wikar se grammatika nie te suiwer nie. Hy praat van : „een klyne gedierte" (p. 188), „een lange stuk" (p. 50), „een leere lappie" (p. 180), om maar 'n paar voorbeelde te noem.

Byvoeglike naamwoorde wat de- woorde bepaal, kry in die reël 'n verbuigings -e. Wikar hou hom nie by hierdie reël nie, bv. „onze groen tobak" (p.156), „de groot fonteyn" (p. 96), „op zeeker dag" (p.22) ens.

So sien ons dat in hierdie deel van sy grammatika Wikar na willekeur handel. Hy maak foute wat toon dat hy geen sensitiwiteit voel vir die fyn-ighede van die Nederlandse grammatika nie. Selfs al

University of Cape Town

was hy geen gebore Nederlander nie, was sy taal seker eers suiwerder, selfs wat hierdie klein puntjies aangaan. Maar gedurende die jare van sy swerftogte is sy taal verwaarloos, daar was geen Kompanje - invloed om hom op foute attent te maak nie en die gevolg, soos dit in sy joernaal uitkom, is heel moontlik 'n baie getroue beeld van die taal soos dit deur die meeste burgers aan die Kaap in daardie tydperk gepraat is.

Voornaamwoorde.

Een van die kenmerke van Afrikaans is die gebruik van „ons", eerste persoon meervoud van die persoonlike voornaamwoord, as onderwerp of voorwerp. By Wikar is hiervan nog geen spoor nie - deurgaans dien „wÿ" as onderwerp terwyl „ons" net as voorwerp gebesig word.

Die voorwerpsvorm van „ik" is „mÿ", maar in die daaglikse spreektaal word dikwels „mÿn" gehoor en hiervan het ons twee voorbeelde in die Dagverhaal: „hy ... zou mÿn nooyt verleegen laaten" (p. 38) en „die ik bÿ mÿn had" (p. 70).

„Haar" as akkusatief van die derde persoon meervoud is gewoonlik in die joernaal aan te tref in plaas van „ze" of „hun." So kry ons: „dat voor haar een groot eer is" (p. 52), „als men haar vraagt" (p. 140), „en beprateden haar" (p. 144), „ik vroeg haar" (p. 150) ens. naas „hebben wy ze tog bepraat" (p.54), „ik heb ze beaien" (p. 76), „zy braaden ze" (p.118) en die enigste geval met „hun" : „waarvoor wy hun weer tobak vereerden" (p.144).

University of Cape Town

In die volgende aanhaling is daar verwarring tussen die voornaamwoorde : „zy braaden ze... en kooken hem" (p. 118), maar „ze" en „hem" albei teruggaan op dieselfde woord nl. boontjes.

Op bladsy 26 gebruik Wikar „hem" as wederkerende voornaamwoord instede van „zich" : „hy steld ook wetten en laat hem ook gehoorzamen." Hier het ons met 'n volkstaal-verskynsel te doen wat dan in Suid-Afrika verder ontwikkel het, sodat daar in Afrikaans vandag die toestand bestaan van die byna uitsluitende gebruik van die herhaling van die persoonlike voornaamwoord in die onderwerp om as wederkerende voornaamwoord te dien.

Die derde persoon meervoud van die besitlike voornaamwoord is deurgaans by Wikar „haare" : „aan haare kop" (p. 52), „haare taal" (p. 54), „dan trekken de beyen na hare nest" (p. 56), „haare cours" (p. 56), „smeeren met vet op haare kop" (p. 124) ens. ens. Voorheen was „haar" in Nederlands die besitlike voornaamwoord meervoud van al drie die geslagte, maar vanaf die 15de eeu is dit al meer en meer verdring deur „hun" in die manlik en onsydig meervoud. In alle moontlikheid het daar in die 17de en 18de eeue dus nog baie dikwels „haar" in hierdie gebruik voorgekom, veral in die spreektaal.

Selfstandige gebruik van die besitlike voornaamwoord kom in Nederlands voor met 'n lidwoord as bepaling. Wanneer ons dus by Wikar kry: „dat is tog zyne" (p. 112), sien ons al 'n voorteken van wat die uitsluitende vorm aan die Kaap gaan word, want in Afrikaans het die lidwoord hier weggeval buiten in taal wat deftig

University of Cape Town

is en bepaald 'n Nederlandse kleur het.

In die algemene Nederlandse taal dien die besitlike voornaamwoord dikwels om 'n tweede naamvalsbetrekking uit te druk - by Wikar ook, bv. „een zÿn vader" (p. 190), „een mens zÿn arm" (p. 68) en veral in die meervoud met „haare" : „de Zandveltsvolk haare kraal" (p. 32), „de beestewagters haare spoor" (p. 94), „de laatste jaagers haare handen" (p. 102), „de Blicquoas haare dragt" (p. 148), „de meyde haare werk" (p. 172). Hier sal dieselfde geld as wat vroeër gesê is oor die geskiedenis van „hun" en „haar" in Nederlands. Hierdie omskrewe genitief wat teruggegee word deur middel van die besitlike voornaamwoord het verder in Afrikaans sterk uitgebrei, sodat mens hierdie konstruksie, met die een vorm „se", vandag ook vind by vroulike persoonsname, saakname en meervoude bv. Marie se rok, die tafel se poot, die bulte se rug ens. ens.

Wikar maak geen verskil in die vorme van die bywoord „selfs" en die voornaamwoord „self" nie. Deurgaans word voornaamwoorde en bywoorde met die -s gespel. In die volgende gevalle het ons waarskynlik met die voornaamwoord te doen : „zoals ik ... zelfs gezien hebbe" (pp. 104, 118), „heb ... gehoord ... maar zelfs niet te zien gekreegen" (p. 72), „maar hooggemelde heer was er zelfs niet by" (p.198), „waarop den haas zulks zelfs gedaan heeft" (p. 14) ens.

In deftige skryftaal kry mens verboë vorms van „self" nl. zelve(n) in die akkusatief. Wikar gebruik „ik zelvers" (p.80), 'n vorm wat nog baie in ons taal skertsend voorkom en wat teruggaan op die Nederlandse

volkstaal waar „ik zelvers", „m'n eige zelvers," baie gewoon is.

„Wat" as betreklike voornaamwoord in Nederlands is nodig na dat, datgene en alles, bv. Doe dat wat ik u zeg, hy vroeg iets wat ik niet wist, weet gy wat ik gedaan het ? ens. Verder word „dat", „die" „(wie)" as betreklike voornaamwoorde gebruik. Aan die ander kant is „wat" die enigste betreklike voornaamwoord wat ons in Afrikaans het. Nou is daar by Wikar 'n hele paar gevalle hiervan, gevalle wat nie in Nederlands sou geoorloof wees nie: „'t mooyste velt ... wat ik ooyt gezien heb" (p. 34), „den rest wat van nagt geslugt was" (p. 70), „'t bezonderste wat hierby hoort" (p. 108), „'t vee ... is 't mooyste en vetste wat ik ooyt gezien hebbe " (p. 124), „dat vlees ..... wat rondom 't pylgatis" (p. 182), „'t wild wat zy schieten" (p. 182). Hierdie vereenvoudigingsproses by die betreklike voornaamwoord moes taamlik vroeg begin het en algemeen gebruiklik geraak het.

Werkwoorde.

Wat grammatika betref, is dit op gebied van die werkwoord dat daar die grootste verskil tussen Nederlands en Afrikaans lê. Reeds in die Germaanse tale is baie van die ou rykdom van die Indogermaanse werkwoordelike vorme verloor, maar die gelykmaking en vereenvoudiging het in so 'n groot mate in Suid-Afrika plaasgevind dat die afwesigheid van vervoegingsvorme een van die hoof-kenmerke van Afrikaans is.

Wat persoonsverskil by die werkwoord aangaan, het ons reeds daarop aangemerk dat Wikar dikwels

University of Cape Town

die uitgange -t en -n weglaat, bv. „een moeder zelfs verdraag" (p.52), „borrel en werk hy sterk" (p.60), „de vrouw ... maak" (p.66), „(hy) steek" (pp. 72,108), „krÿg hy" (p.100), „hy zoek" (p. 100), „leg den rooker op zÿn buyk" (p. 156), „loop deeze rivier" (p. 158), „de klip breek" (p. 178) ens. en in die meervoud: „waar zy uyt wille loopen" (p. 48), „zy vertelle" (p.48), „nu hadde wÿ" (p. 96), „dewÿl wy niet goed zwemmen konde" (p. 138), „dat wy haar geen leed zoude doen" (p. 144). By die infinitief kom ons dieselfde verskynsel teë : „liet zakke" (p. 162), „heb ... laate vragen" (p. 162), „moest ... brenge" (p. 162), „liet ... deurbrenge" (p. 138) ens. Met sulke voorbeelde voor oë , sien ons dat ons al goed op weg is tot die gebruik van een vorm vir alle persone, enkelvoud of meervoud, in Afrikaans. Die -e wat oorbly by die meervoud en die infinitief sou langs fonetiese weg verdwyn, sodat hierdie vorms gelyk word aan die enkelvoudsvorm waar die -t alreeds grotendeels weggeval het.

Daar is talle van voorbeelde waar Wikar 'n werkwoord in die meervoud by 'n enkelvoudige onderwerp gebruik en andersom : „deeze natie woonen" (p. 24), „den toovermeester ... krappen" (p. 92), „daar hy ..... nÿt voortkoomen" (p. 102), „als mÿn gezelschap ... gongen ... slap en" (p.140), „zag wy eerst" (p. 38), „waar de coraale vandaan komt" (p. 78), „alle de getroude meyden komt" (p. 84), „scherpe stokken word voor haar gesneeden" (p. 52), „de scherpe stokken die daarin raak" (p; 54), „de bladeren van voornoemde lelie komt er niet in" (p. 136), „leg nog 3 spruyten" (p. 136), „lekkere wilde

verskyssel in Wikar se taal wees. In die Dagverhaal neem ons hierdie eienaardigheid alleen waar by werkwoorde wat afgelei is deur middel van die voorvoegsels be- en ver- : gebelooft (p. 72), gebegraven (pp. 112, 194), gebeschaart (p. 90), gebewaart (pp. 58, 96, 180), geverdeelt (p. 164), gevereerd (p. 192), gevernielt (p. 122).

Daar is twee gevalle waar Wikar skeidbare werkwoorde onskeidbaar gebruik : „een oud vader ... bediende my ... en aanbood om my ..." (p.38), en „hier voorvalt ook iets" (p. 168) - foute wat baie selde in Afrikaans gemaak word.

Die grootste onderskeidingskenmerk tussen sterk en swak werkwoorde is die feit dat die sterk werkwoorde hul verlede tyd vorm deur middel van klinkerwysiging en die swak werkwoorde deur middel van 'n uitgang. Weens analogiewerking in Nederlands het oorspronklike swak werkwoorde sterk geword en andersom, sodat daar partykeer twee vorme naas mekaar by dieselfde werkwoord bestaan. Waar Wikar dus praat van jaagden (p. 98) en blaasden (p. 98) gaan hierdie swak vorme terug op Nederlands daar die Ndl. Wdb. omtrent „jagen" sê dat dit oorspronklik 'n swak werkwoord was. „Naast den zwakken verl. tijd is later (de vroegst bekende voorbeelden voor het Ndl. zijn uit de 16de eeuw), naar het voorbeeld van dragen, droeg, een sterke verl. tijd in gebruik gekoomen - het is thans de meest voorkomende vorm van den verl. tijd." En van „blazen" lees ons dat dit soms swak vervoeg word. Wat „schijnen" en „vangen" betref, gee Nederlandse woordeboeke hulle aan as alleen

sterk gebesig, terwyl ons by Wikar kry „schÿnde" (p. 194), en „vangde" (p. 106). Dit is 'n gelykmakingsproses wat in Afrikaans so ver ontwikkel het dat die werking van die ablaut glad nie meer by die werkwoorde kan gesien word nie, buiten vir 'n paar oorblyfsels by die sogenoemde praeteritopraesentia, - 'n proses wat nog verder gevoer is sodat selfs die swak verlede tydsuitgange volkome verdwyn het.

Wikar skrywe : „in plek om haare vlotte deur te roeyen zwemmen zy die deur" (p. 126), - 'n geval waar die onoorganklike werkwoord „zwemmen" oorganklik gebruik word.

Ooreenkomstig Afrikaans kry ons dat Wikar sekere werkwoorde met „hebben" vervoeg waar beskaafde Nederlands „zÿn" sou verlang : „hebben vrolyk geweest" (p. 40), „zy zouden ... verder... geweest hebben" (p. 74), „welke ... niet meegeweest hadden" (p. 126), „heb ik 4 schoften hooger geweest" (p. 170), „heb ik ... geweest" (p. 198), „toe zy nog een hoogie afgekoomen hadden" (p.160).

'n Toestand van verwarring en onreëlmatigheid heers op gebied van die werkwoordelike vervoeging, 'n verwarring wat sonder stoornis kon voortgaan daar die invloed wat van kerke, skole en geskrewe bronne uitgegaan het, nie kragtig genoeg was om onbeskaafde vorme teë te werk nie. Dr. D. B. Bosman wys daarop dat spore van hierdie vervoegings-onreëlmatighede te sien is in die taal van Bredero. (Ontst. van Afr., pp. 104 - 105). Dit lewer weer bewys van die feit

University of Cape Town

dat Afrikaans gespruit het uit die Hollandse volkstaal van die 17de eeu, waarmee dit meer ooreenkom as wat mens met die eerste oogopslag sou vermoed.

Voorsetsels.

Voorsetsels dien as bepalings by selfstandige naamwoorde, voornaamwoorde en somtyds by sinne wat in die plek van selfstandige naamwoorde staan. Die voorsetsel word ook altyd voor die woord geplaas wat dit bepaal. Ons het al daarop gewys (Hoofst. IV) dat Wikar partymaal sy voorsetsels op hul verkeerde plek skryf met die gevolg dat die hele woordorde omvergegooi word: „als wy de halve dag omtrent gereeden hadden" (p. 96), „eenige van deeze eylanden loop de water over" (p. 124), „en omtrent nadat ze een half uur met den leeuw ..... gevogten hadden" (p. 172) ens.

Dikwels maak Wikar gebruik van verkeerde voorsetsels. Hierin verraai hy ook die feit dat hy 'n vreemdeling is, want daar is 'n paar voorbeelde waar hy voorsetsels met sekere bepalings gebruik, soos hulle nie in Nederlands of Afrikaans voorkom nie : „de Hott^n. nu kort agter de olifanten na" (p. 44), „verzeekerd was voor roovers" (p. 22), „de oorzaak tot een groot ongeluk" (p.40), „2 van de Namnykoa kraale leg nu vlak over ons in de groote rivier op een eyland" (p. 120), „onder al die tyd" (pp. 124, 184), „een zeer grote trop met buffels" (p. 128), „uyt reede dat" (p. 132), „deeze capiteyn is ... geschooten van zyn eygen zoon" (p. 132), „dit ... dier word van naar zeer gehaat" (p. 138), „is ..... van de Bossiesmans dood gevonden" (p. 174), „word de gift van een tooveresse uytgesoogen"

(p. 182) ens.

Eienaardig is Wikar se voorstelling van die Nederlands : midden in, midden op ens. en die Afrikaans : in die middel van: „middel onder de hoop" (p. 84), „middel op de kop" (p.86), „middel in de rivier" (p. 104), „middel op de werf" (p.122), „middel in de blok" (p. 126), „middel onder 't spel" (p. 134), „middel in de kring" (p. 168).

Dan skryf hy verder „in plek om" (p. 126) en „in plek van" (p. 178). Reeds in Nederlands het „in plek van" naas „in plaats van" ontstaan, maar in Suid-Afrika vind ons die eerste uitdrukking alleen nog in die vorm „pleks van", wat omtrent net soveel gebruik word as „in plaas van."

Net soos in Afrikaans kry ons altyd „lyk na" by Wikar : „na marmer gelykende" (p. 34), „gelykt ... na" (p.100), „lykent ... na" (p. 100), „gelykende na klyne karpers" (p. 116), „gelykenen ... na de Eynkooa" (p. 164). In Nederlands kan vergelykings gemaak word deur middel van die voorsetsels „naar" of „op" kom baie meer in hierdie verband voor.

Bywoorde.

In algemene Nederlands kom „heel" as bywoord van graad in attributiewe gebruik gewoonlik voor met 'n -e as verbindingsklank, bv. 't zÿn heele zoete jongens. So kry ons dit by Wikar ook waar hy praat van 'n seker soort voël, „een heele groene" (p. 74). Maar in Afrikaans het die proses verder gegaan en word daardie verbindings -e gewoonlik by alle attributiewe

bywoorde van graad geplaas, bv. 'n verskriklike warm dag, wonderlike mooi weer, 'n bitterlike koue môre ens. In die Dagverhaal vind ons ook, ooreenkomstig Afrikaans, „de andere vis ... met een ysselyke groote kop" (p. 114). Blykbaar is hierdie eienaardigheid in Nederlands beperk tot „heel", en het die verdere uitbreiding aan die Kaap plaasgevind.

Oor die algemeen sien ons dat Wikar se taal grammatikaal al goed op pad is na die toestand in Afrikaans waarvan afwesigheid van vorme die hoofeienskap is. Dit is heeltemal van pas om Jespersen se opinie hieromtrent na te sien. „The historian examines his texts over various centuries and finds a growing tendency to neglect the forms distinctive of number etc. And then the linguistic philosopher may step in and say that the demand for grammatical concord in these cases is simply a consequence of the imperfection of language, for the ideas of number, gender (sex), case and person belong logically only to primary words and not to the secondary ones like adjective (adjunct) and verb. So far, then, from a language suffering any loss when it gradually discards those endings in adjectives and verbs which indicated this agreement with the primary, the tendency must, on the contrary, be considered a progressive one, and full stability can be found in that language alone which has abandoned all these clumsy remnants of a bygone past." (Philosophy of Grammar, p. 345). In Afrikaans, met sy eenvoudigheid en direktheid, kan hierdie hegtheid waargeneem word omdat ons taal onhandige en onnodige uitgange

University of Cape Town

verwerp het en groot vordering gemaak het in die rigting van bewaring van vorme wat alleen grammatikaal essensieel is.

University of Cape Town

HOOFSTUK VI.

FUNKSIEVERANDERING.

'n Woord verander nie maklik van funksie nie, maar waar funksieverandering plaasvind, kan dit 'n groot aanwins vir 'n taal wees. „Wellig die sterkste argument ten gunste van die opvatting dat Afrikaans 'n mengel - of kreoolse taal is, is die oorgang van een woordsoort tot 'n ander."(Dr. D. B. Bosman - Ontst. van Afr., p. 80). By Wikar is daar 'n klein aantal woorde wat van funksie verander het, maar nie een van hulle het 'n vreemde geur of hoef as 'n kreolisme beskou te word nie. Hulle kan meesal langs suiwer fonetiese weg verklaar word.

Wat die oorgang van selfstandige naamwoorde tot werkwoorde betref, sê Dr. Bosman omtrent tjap : „om van tjap 'n werkwoord tjappen af te lei, is volkome in ooreenstemming met die Hollandse taalgees." (Ontst. van Afr., p. 80). Dit geld natuurlik ook vir die werkwoord „tolken" waarvan daar twee voorbeelde in Wikar se Dagverhaal is (pp. 70, 124). So gebruik Wikar ook „tuynieren" (p.154), in Ndl. van „tuinier" afgelei, 'n werkwoord wat in Nederlands dikwels voorkom. Die juistheid van die bewering dat dit eie is aan die Hollandse taalgees om uit substantiewe werkwoorde te vorm, word verder bewys deur die Nederland-se werkwoorde : chauffeeren, loodsen, scheidsrechteren, schipperen, ens. wat parallel met „tolken" en „tuinieren" gestel kan word. Ons kan ook in hierdie verband vergelyk: fietsen, kaarten, kogelen, tafelen, tennissen, theeën (teaen),

University of Cape Town

ens. ens. Op hierdie gebied het Prof. Hesseling bepaald 'n misstap begaan toe hy sulke verskynsels wou verklaar as bewyse van Maleis-Portugese invloed op Afrikaans - dis absoluut in stryd met die gegewens.

'n Omgekeerde ontwikkeling vind ook plaas nl. dat substantiewe uit werkwoordstamme gevorm word. Wikar gebruik bv. „bulk" as selfstandige naamwoord net soos dit nog in Afrikaans voorkom : „een olifantskoey ..... die daarop een bulk gaf" (p. 46), „op de bulk van de koey" (p. 46). Blykbaar bestaan dit nie as selfstandige naamwoord in Nederlands nie. (Vgl. Ndl. een schreeuw geven, een stoot geven.) In die Dagverhaal tref ons „blaas" ook as substantief aan :„elken blaas die hy geeft" (p. 98), waarvan die Ndl. Wdb. ons meld dat „blaas" vroeër in hierdie hoedanigheid in Nederlands gebesig is, maar dat dit reeds teen die end van die 19de eeu verouder het. In sy aantekenige oor kindertaal (De Nieuwe Taalgids x) sê Dr. de Vooys dat „werkwoordelike stammen worden gemakkelik substantieven" (Ontst. van Afr., p. 146). Waar aan die Kaap die blanke bevolking in 'n groot mate bestaan het uit vreemdelinge wat Hollands moes aanleer as 'n nuwe taal, is dit verstaanbaar dat sulke „kindertaal" - eienaardighede dan hul verskyning in die wording van Afrikaans gemaak het. (Vgl. Afr. 'n byt, 'n gryp, 'n sny.)

Wikar sê dat sekere Hottentot-rasse is „schurfd van bakkes" (p; 78). As byvoeglike naamwoord het „schurft" wel in Nederlands voorgekom met die betekenis „aan schurft lydende, met schurft behept," en by uitbreiding „van een voorkomen dat aan schurft

University of Cape Town

doet denken : ruw en korstig of schubbig." In moderne Nederlands is die byvoeglike naamwoord nagenoeg onbekend, terwyl aan die ander kant dit in Afrikaans in algemene gebruik is. Dit is weer 'n geval van die bewaring van 'n ouderwetse gebruik van 'n Nederlandse woord. (Vgl. skut, beeswagter, skaapwagter ens.)

Verder lees ons : „'t veld is ... gespoord" (p. 128), waardeur bedoel word dat die veld vol spore is. „Gespoord", in hierdie sin, is vrywel onbekend in Afrikaans en kom oo k glad nie in Nederlands voor nie.

Prof. Hesseling beskou koppelings en samestellings waarin 'n werkwoord as byvoeglike naamwoord dien as bewys van Maleis-Portugese invloed op Afrikaans, bv. 'n flikflooi-tong, 'n skinder-bek, 'n sukkel-lopie. Daar is een woord in die joernaal wat in hierdie kategorie val nl. aansmeerpraatje (p. 138). Dr. Bosman wys daarop dat sulke samestellings kon gevorm gewees het na gewone Hollandse voorbeelde soos schendtong, sukkeldraf ens. (Ontst. van Afr., p. 81). Ons let ook verder daarop dat Maleis-Portugees nog geen diepgaande invloed op Wikar se taal toon nie. Invloed op hom is baie oppervlakkig en bestaan alleen uit die oorname van Maleis-Portugese substantiewe, wat maar baie gering in getal is, bv. taweetjes, kraal. Hier lê dit dus voor die hand om analogiese uitbreiding van 'n klas wat reeds in Nederlands bestaan aan te neem.

Funksieverandering by Wikar is gering maar die paar voorbeelde daarvan lewer darem bewys van die

University of Cape Town

feit dat 'n taalgroei en - ontwikkeling aan die gang was, wat later taalkundiges sou verbyster deur sy ongeloofbare snelheid.

University of Cape Town

HOOFSTUK VII.

IDIOOM.

Dat aan die Kaap „als" somaar van die begin in plaas van „dan" gebruik is by 'n vergelyking van twee terme na die vergrotende trap van 'n byvoeglike naamwoord of bywoord, blyk uit die Dagverhaal van Wikar. Mens kan amper sê dat hy honderde male „als" by sulke vergelykings besig en nie eenmaal „dan" nie. Dit is ook geen wonder nie, want as mens die geskiedenis van „als" en „dan" nagaan, sien ons dat in die 17de en 18de eeue „als" selfs deurgedring het tot in die Nederlandse skryftaal. Hierdie geskiedenis is interessant. „In 't Mnl. was uitsluitend dan in gebruik, in Holland evenzeer als in Vlaanderen en Brabant. Doch in de tweede helft der 16de eeuw begon als op te komen, en wel, merkwaardig genoeg, in Duitschland zowel als hier te lande, en het duurde niet lang of dit als was in de volkspraak algemeen geworden. In Duitschland zelfs in die mate, dat het oude denn geheel moest wyken, en als de gewone uitdrukking, ook in de schryftaal, werd. By ons is het niet zóó ver gekomen. Wel drong als in de geschrevene taal door en word,... Op zyn voorbeeld (nl. Vondel) gaven de meeste schryvers der 17de en 18de eeuw de voorkeur aan dan, ofschoon zy niet zelden sich van als bedienden, dat natuurlyk het meest voorkomt by hen, die in de gemeenzame volkstaal schreven." (Ndl. Wdb. II[1], 247-248). Aan die Kaap het dan se kanse baie sleg gestaan daar als nog verdere ondersteuning van die Duitse bevolking

University of Cape Town

gekry het. Geen wonder dus dat alleen als in die Dagverhaal voorkom nie en dat dit in Afrikaans so te sê uitsluitend in die spreek- en skryftaal gebesig word. Die mense wat dan gebruik,is uitsonderinge en dit val jou ook as onnatuurlik en ongewoon op as jy dan in hierdie gebruik in Afrikaans vind.

Die Nederlandse konstruksie „hÿ zit te zingen," wat gebruik word om twee gelyktydige handelinge uit te druk, is in Afrikaans vervang deur „hy sit en sing." Hiervan kom daar 'n voorbeeld by Wikar voor : „dan staat hy en commandeer" (p. 108). Dat ons hier met 'n volkstaal-beginsel te doen het, blyk uit die feit dat dit aan Bredero se taal eie is (Ontst. van Afr., p. 105) en dat ons dit by van Effen aantref. Dit is kenmerkend van Justus van Effen as Spectator - skrywer dat hy sy taal laat aanpas by die soort persoon met wie hy te doen het. In sy opstel „Thÿsbuur's Os" kom mens die konstruksie „hy zat en zong" teë, wat mens laat besef dat dit in die omgangstaal moet voorkom daar hierdie opstel betaan uit 'n brief deur 'n skoenmaker geskryf en dit deurgaans die kleur van die gemeensame volksspraak dra. De Vooys (Letterkundig Leesboek I, p. 343, voetnoot 4) noem hierdie sinsbou 'n „eigenaardige oud-Nederlandsche konstruksie, ook Mnl.", wat dan vermoedelik in die volksmond voortgeleef het.

Dié ontkenning is 'n interessante kwessie in Afrikaans. Wat het gelei tot die herhaling van 'n ontkennende „nie" aan die end van 'n ontkennende sin, wat deel uitmaak van die wese van Afrikaans ?

University of Cape Town

'n Opeenhoping van negatiewe kry mens dikwels by die onontwikkelde volk wat nie weet hoe om hul gevoelens te bedwing nie. Hiervan gee Jespersen 'n verklaring. "It may also be said that it requires greater mental energy to content oneself with one negative, which has to be remembered during the whole length of the utterance both by the speaker and the hearer, than to repeat the negative idea whenever an occasion offers itself, and thus impart a negative colouring to the whole of the sentence." (Phil. of Gram., p. 333). Maar by onontwikkelde klasse sal die negatiewe na willekeur in 'n sin ingevoeg word ~~sonder dat hulle noodsaaklik op dieselfde woord of idee saamtrek. Dit is nie die geval met die ontkenning in Afrikaans nie.~~

bv. niemand het nooit soiets gesê nie, Onbeskaafde Engels: no one never said no such thing, terwyl in Afrikaans die negatiewe beperk is tot twee, buiten in die geval van nooit nie, bv. ek sal dit nooit nie doen nie. Nooit nie word egter as 'n eenheid gevoel sodat ons na regte in laaste geval ook met 'n dubbele ontkenning te doen het.

By Wikar is daar 'n paar voorbeelde van dubbele ontkenning: „zy zullen wel dit nooyt niet nalaaten "(p. 82), „nooyt geen stuk of steel gevonden" (p. 132), „zyn wy tog niet nergens verder als op den distans van 6, 8 of 10 uuren loopens van de rivier op zy geweest" (p. 118), en „in de maanden December, January, February en Maart is 't climaat alhier bezonderlyk heet, dat men geen vel of riem geen uur kan later buyten leggen" (p. 174).

„Nooit nie" is algemeen Afrikaans en was vroeër in Nederlands ook gebruiklik. Dit kom bv. by die 17de eeuse skrywer Krul voor en kan dus maklik in die taal van die volksplanters aan die Kaap hierheen gebring gewees het. „De oudere taal heeft in zinnen met nooit een ontkenning by het gezegde : van woorden

waarin een ontkenning is uitgedrukt, is in de latere volkstaal geen nog gewoon in zinnen met nooit." (Ndl. Wdb. IX, 2116). Hierby sluit dan „nooyt geen stuk of steel gevonden" aan. By „niet nergens" kry ons 'n onnodige herhaling - 'n swak waaraan Wikar meermale ly, vgl. „kant en wal vol" (p. 24), „de zeekoey loop dan de eygenste poort weer terug agteruyt" (p. 102), „averegts verkeerd" (p. 140). En wat die herhaling van „geen" betref, meen ek dat Wikar, hier so onder die indruk van die verskriklike hitte van daardie tyd van die jaar is, dat hy die tweede „geen" ook insleep om sodoende, soos Jespersen sê, aan die hele sin 'n negatiewe kleur te gee. Sy gevoelens loop hoog, hy wil met nadruk en oortuiging sy mededeling aan sy lesers oordra en die gevolg kry ons in die klem wat hy op die negatiewe sy van die sin laat val. Dis eers veel later dat dié eintlike dubbele ontkenning in Afrikaans bestendiging en algemene burgerreg verkry het.

Afrikaans is die verskynsel dat waar werkwoorde gebruik word wat met voorsetsels afgelei is, die neiging bestaan om daardie voorsetsels in die sin te herhaal. Hierdie neiging is veral op te merk by die voorsetsels in- en uit-, bv. dit staan in die boek in, hy het in die huis ingegaan, toe hy uit sy kamer uitkom ens. Maar dikwels word dit by ander voorsetsels ook aangetref, alhoewel dit hier nie so 'n gewone verskynsel is nie, bv. hy het af van die muur afgespring, hy het op die leer

University of Cape Town

opgeklim, loop buite om die huis om, ens. Dit is duidelik dat hier aan kontaminasie moet gedink word, bv. uit die twee sinne „hy het die huis ingegaan" en „hy het in die huis gegaan" sal dan „hy het in die huis ingegaan" gevorm word. Namate die kontaminasie gepopulariseer is, het analogiewerking sy deel bygedra om die gebruik te versterk. Wikar lewer 'n paar voorbeelde van hierdie verskynsel in sy joernaal en juis alleen in die geval van die voorsetsels uit- en in- : „dat haare beeste uyt een klipgat uytgekomen zÿn " (p. 94), „dat de zeekoey uyt de laatste jaagers haare handen ook uytraak" (p. 102), „andere zeggen alweer dat hy uyt deese rivier uytkomt" (p. 158), „waardat die in de groote rivier inkomt" (p. 128). Dit wil my voorkom dat in- en uit- by die herhaling die toon moes aangegee het daar hulle vandag ook nog die gebruiklikste in hierdie opsig is.

In die Dagverhaal tref ons 'n interessante stadium aan in die ontwikkeling van Afrikaans : anderkant uit Nederlans : aan de ander kant (zÿde) van. Wikar laat nl. die voorsetsel „aan" weg en behou alleen „van" : „anderkant van de Zambdama" (p. 76), „anderkant van de kraal" (p. 136) ens. Hiernaas tref ons ook die volledige vorm aan : „aan de andere zÿde van de rivier" (p. 128), en in die geval van „oorkant" : „aan de overkant van de rivier" (p. 122). „Onderkant van", in die joernaal in dieselfde gebruik, het heel moontlik na analogie van „anderkant van," „overkant van" ontstaan daar

University of Cape Town

„aan de onderkant van" nie in Nederlands gebruik word nie maar wel „beneden." Wikar sê : „onderkant van waar de zeekoeye laagen" (p. 38), „onderkant van de Hartebeestrivier" (p. 128), „onderkant van de draagosse" (p. 106), „onderkant van deeze Blip" (p. 150) ens. Hierdie uitdrukkings is nog verder saamgetrek sodat ons vandag in Afrikaans het „anderkant", „oorkant", „onderkant," wat sonder enige verdere bepalings as voorsetsels gebruik kan word. „Dezen kant" word in Nederlands as bywoord gebruik sonder behulp van voorsetsels, bv. er wordt dezen kant veel armoe geleden. So kom ons dit ook by Wikar teë : „wy dees kant zÿnde" (pp. 36, 198), buiten dat by hom alreeds die -en-uitgang by „dezen" verlore gegaan het (vgl. Afr. deuskant, duskant). Die gebruik van „deuskant" as voorsetsel in Afrikaans staan gelyk aan die Nederlands, „aan dezen kant van," wat dan weer by bogenoemde gevalle aansluit.

Waar 'n onderwerp of voorwerp uit twee dele bestaan wat met „en" verbind is en die eerste persoon enkelvoud van die persoonlike voornaamwoord die een deel uitmaak, is dit in Afrikaans meestendeels gebruiklik om dié voornaamwoord eerste te plaas, bv. ek en jy, ek en my familie ens. Ek sê meestendeels omdat deur baie mense die woorde in 'n omgekeerde orde geplaas word, selfs waar die persone nie onder Engelse invloed staan nie, en dit dus onjuis sou wees om uitsluitend te sê. Wikar se woordorde in hierdie verband kom heeltemal ooreen

University of Cape Town

met die gewone Afrikaanse gebruik : „waar zy mÿ en mÿn gezelschap ook van gaven" (p. 32), „ik en Claas Barend keerde zulks" (p. 70), „kreeg hy my en nogeenige Hott^{n}."(p. 106), „ik en Claas Barend wy krygen onze stuk" (p. 108), „dan zoude ik en Claas Beerend zulks voor weezen" (p. 124), „ik en de peerde was voor haar 't grootste wonder" (p. 138), „de capiteyn hadde gepractizeert om my en Claas Barend ... te laaten verzuypen" (p. 138), „die mÿ en Claas Barend tegemoet kwam" (p. 144), „zÿ hebben mÿ en mÿn gezelschap ... geëert" (p. 166) ens. In Nederlands is dit gewoon om die eerste persoon tweede te plaas maar dialekties kom die omgekeerde orde ook voor.

Met betrekking tot die konstruksies wat nou net behandel is, sien ons dat in Wikar se taal die Afrikaanse toestand in party gevalle flou begin deurskemer terwyl in ander gevalle uitsluitend die Afrikaanse gebruik voorkom. Maar hier moet weer daarop gelet word dat die meeste van hierdie verskynsels in mindere of meerdere mate in die Nederlandse volkstaal teruggevind kan word. Die meeste van hulle wortel in die gemeensame volksspraak waar hulle partymaal maar sporadies kop uitgesteek het, maar hier in Suid-Afrika het hulle in so 'n mate uitgebrei dat hulle belangrike kenmerke van Afrikaans uitmaak.

Die gesegde, soos Wikar dit ook in sy

University of Cape Town

Dagverhaal laat voorkom : „ik blyf nu circa een pÿp tobak rookens onder een bos in de schaduwe zitten" (p. 174), lyk met die eerste oogopslag asof dit Afrikaans moet wees, maar dieselfde uitdrukking as tydsbepaling en afstandwyser word in sekere streke soos bv. op die Veluwe en in Zeeuwsch-Vlaandere gebruik. Sommige van ons boermense praat nog van „'n pyp tabak rokings" in dieselfde sin.

Blykbaar moet die bywoordelike uitdrukkings „wind op", „wind af," as Afrikaans bestempel word. In Nederlands word „op" en „af" wel met woorde soos straat, weg ens. met werkwoorde van beweging gebruik „om aan te duiden dat men zich in de richting van die plaatsen beweegt en ze bereikt, met het bÿdenkbeeld dat men voortgaat zich langs den weg, de straat enz. te bewegen." (Ndl. Wdb.). Maar met „wind" is dit 'n heel andersaak en in Nederlands sou gesê word : „tegen den wind in" en „met den wind mee." By Wikar kry ons : „trekken de beyen na hare nest wind op" (p. 56), „wind op loopende" (p. 56) en „de olifanten streeken wind af" (p. 44). Ons vind dieselfde verskynsel in verband met die selfstandige naamwoord „son" : „welke Hott^{s}. ..... zeyden dat ze geresolveerd waaren om de zon op te trekken" (p. 20), en die feit dat Wikar dan verder gaan om duidelik te maak, dit is te sê na die Ooste, bewys dat hy bevrees was dat die segswyse nie deur die Wel Edel Gestrenge Heer, Goewerneur-Generaal sou verstaan word nie. „Teegen zononder" (p. 74) is wel ook Afrikaans daar

University of Cape Town

„sononder" nie as bywoord of selfstandige naamwoord in Nederlands bestaan nie.

„Helder oordag" kom in bywoordelike gebruik in Afrikaans voor waar in Nederlands „bÿ (klaar)lichten dag" sou gesê word. Wikar se taal pas in hierdie opsig by Afrikaans aan: „dan staat den vryer eerst helder dag op" (p. 84), „gaat ... eerst helder dag weg" (p. 84), „haare dans duurt van 's avonds tot 's morgens hellen dag" (p.88). So is „op die plek" blykbaar ook 'n Afrikaanse omskrywing vir dadelik, onmiddelik, bv. „2 olifanten op de plek doodgebleven" (p. 174).

Waar Wikar skryf : „want 's morgens was de rivier weer en kant en wal vol" (p.24) gebruik hy 'n idiomatiese uitdrukking, „kant en wal", wat nie in Nederlands teruggevind word nie en wat ons nog dikwels vandag hoor. Weliswaar gebruik hy „vol" as verdere beskrywing maar dit moet as 'n tautologiese fout beskou word wat geen afbreuk aan die vormegtheid van die uitdrukking doen nie.

Die bepaling „met zak en pak" (p. 68), kom gewoonlik in Nederlands in omgekeerde volgorde voor, alhoewel dit af en toe in hierdie orde gevind word. Duitse invloed kan ook bygedra het dat ons vandag net sê „met sak en pak", daar dit ooreenstem met Duits : mit Sack und Pack.

Wikar skryf : „nooyt geen stuk of steel gevonden van al wat gezonken is" (p. 132). „Stuk of steel" word nooit in Afrikaans gebruik nie en is ook geen Nederlands nie, waar „staart noch steel"

University of Cape Town

die uitdrukking is wat die naaste daaraan staan.

„Koomen de ouden ook veeltÿds aan malkander" (p.52). „Aan elkander komen" vir handgemeen word, mekaar te lyf gaan, is in Nederlands verouderd maar „aanmekaar raak", „aanmekaar spring", is algemeen Afrikaans. „Die spoor sny" blyk suiwer Afrikaans te wees : „de Hott^{s}. ..... sneyen de spoor" (p.102).

Ooreenkomstig Nederlands sê ons in Afrikaans: hy is diep in die 40, sy was diep in die 50 ens. ens., maar waar Wikar sê : „en diep in de 20 van haar volk gekwetst" (p. 64) moet ons 'n Afrikaanse ontwikkeling sien waarvan daar geen parallel in Nederlands is nie.

Waar ons sou praat van iets vir die oudag opsy sit of van ŷn appeltjie vir die dors bewaar, kry ons by Wikar : iets „voor den verleegen dag" bewaren (pp. 58, 136). Dis 'n veelseggende manier om die gedagte meet te deel en is nog meer beskrywend as die twee bogenoemde uitdrukkings. Blykbaar is dit nie Nederlands nie.

Die vergelyking „zoals een kussen gezwollen" (p. 184) is vermoedelik Afrikaans, terwyl „plat als een koek" (p. 36) ooreenstem met Nederlands en Afrikaans : so plat soos 'n pannekoek.

Wikar skrywe : „maar (de haas) had aanstonts de schelm in de mouw" (p. 14). Hierdie idioom word nie in Nederlands of Afrikaans aangetref nie en moet seker 'n kontaminasievorm wees van die twee Nederlandse uitdrukkings : „den schelm in den nek hebben" wat beteken „niet te vertrouwen zÿn," en „den aap in de mouw hebben" met betekenis „zÿn gekheid niet laten,

University of Cape Town

zien, deftig doen."

Dis interessant om te vind dat die Afrikaanse gesegde : „kloue in die grond slaan," reeds in Wikar se tyd gebruiklik was. „Op dit gezigt moest men gezien hebben, hoe de olifants-vervolgers klauwen in de grond zaten, om de op zy leggende klipheuwel te hâlen" (p. 44). Hier lê dit waarskynlik voor die hand om invloed van inboorlinge-taal aan te neem.

Hier aan die Kaap met sy heterogene bevolking het 'n taal ontwikkel waarvan raakheid, direktheid en spontaneiteit die grootste eienskappe is. Die blanke bewoners het uit verskillende elemente bestaan en, alhoewel die Kaaps-Hollands altyds die offisiële en heersende taal was, kon dit nie anders dan dat eienskappe van ander tale in die Hollands sou opgeneem word nie. Daar was ook die tale van slawe en inboorlinge wat hulle deel bygedra het om die seggingskrag van Afrikaans te verryk. Selfs waar die taal van 'n onontwikkelde en onbeskaafde nasie of ras spore laat op 'n sogenoemde hoër taal, is die feit nie altyd te betreur nie. Party van die uitdrukkings in Wikar se Dagverhaal het wel hul ontstaan aan die moedertaal te danke, ander leef nog voort in Afrikaans en kan nie as oorspronklike Nederlands beskou word nie. By die vorming van laasgenoemde het vreemde tale seker ook 'n rol gespeel, selfs al was die rol so gering dat ons dit nie kan aandui nie.

University of Cape Town

HOOFSTUK VIII.

POSISIE VAN WIKAR SE TAAL.

Totdusver het ons gevind dat die grootste gedeelte van Wikar se woordvorme en algemene taaluitdrukkings teruggaan op die gemeensame Nederlandse volkstaal of op verskynsels in tongvalle van sekere gewestе. Daar is 'n frisheid en lewendigheid omtrent Wikar se taal wat maak dat sy joernaal altyd met genot sal gelees word. Sy taal is nie altyd suiwer nie, sy sinne is dikwels baie deurmekaar, maar sy uitdrukkings en vergelykings is raak en beeldend en dit gee aan sy Dagverhaal 'n onverwelkbare krag. Wat Wikar ons meedeel is interessant op sigself, maar sy segswyse dra ongetwyfeld daartoe by om die interessantheid van sy Dagverhaal te versterk. En dat sy taal hierdie krag besit, is daaraan toe te skryf dat hy homself juis nie bepaal het by die afgesaagde en konvensionele gesegdes van die boektaal nie. Soos ons gesien het, staan Wikar sterk onder invloed van die alledaagse volksspraak en hierdie feit moet seker aangeneem word as geldend vir die algemene toestand van die Kaaps-Hollands in die 17de en 18de eeue.

Gemeensame taalgebruik sien ons verder in kop (p. 52 ens.) wat deurgaans voorkom in verband met mense of diere, en bakkes (p. 78); ons sien dit in die gebruik van eygenste, bv. „de eygenste poort" (p. 102), „de eygenste plek" (p. 112), „'t eygenste geloof" (p. 140); in die veelvuldige gebruik van bywoorde van graad met versterkende krag, bv. „braaf koud" (p. 38), „braaf langsaam" (p. 44), „braaf diep" (p. 184) (vgl.

University of Cape Town

afr. bra),„effectief groots" (p. 166), „magtig lang" (p. 42), „magtig vet" (p. 72), „magtig groot stuk" (p. 80), „magtig honger...geleeden (p. 96) ens. „Kennen" word deur die volk verwar met „kunnen", bv. „kennen ze met een ook af" (p. 82). In plat Afrikaans, en somtyds by mense van wie mens beter sou verwag, hoor ons dikwels sinne soos : ek ken dit nie doen nie, ken ek saamgaan ? ens. „Verrekken" (p. 68) vir „sterven" hoort tuis in die alledaagse volksspraak; in Afrikaans word dit in verband met diere gebruik en met betrekking tot mense alleen in bepaalde uitdrukkings wat dan versterk word deur die werkwoord „vrek" : loop vrek!, hier sal jy nog vrek, hardloop dat dit vrek, ens. In die plat spreektaal word „ging" in die vorm „gong" gebesig, 'n vorm wat by Wikar dikwels te voorskyn kom : „waarin ik gong leggen" (p. 38), „de haas ... gong by de bosluys" (p. 140), „gong ik nu by een man" (p. 196), „waar de zon opgong" (p. 196) en so meer.

Voorbeelde van <u>streekspraakverskynsels</u> vind ons in die gebruik van „brakke" in verband met kinders: „want hoe grooter brakke dat de kinderen zÿn, om te bakkeleyen, vegten ens., hoe liever voor de ouders" (p. 52). Dit is nog hier en daar in Nederland bekend vir straatjong, guit, deugniet. Die begrip van „naar" kan versterk word deur die byvoegende adverbium „toe" - hiervan maak veral die spreektaal van sommige geweste gebruik. In Afrikaans is dit baie gewoon en by Wikar ook, bv. „na booven toe" (pp. 100, 118), „na onder toe" (p. 100), „regelregt na ons toe" (p. 106) ens. Dialekties veral in Noord-Nederland kom <u>lykenen</u> in plaas van <u>lyken</u>

University of Cape Town

voor - Wikar het baie voorbeelde hiervan :„lykent" (pp. 124, 142, 154, 168), „lykenen" (p. 180). By skere skrywers en in Frans-Vlaandere word „kunnen" vir „kennen" gebruik soos Wikar dit ook het: „de vrouwen kunnen zowel de kunst om door de groote rivier te zwemmen, als de mans en de kinderen ook zo" (p. 128). Dan word liggen en leggen gewestelik bv. in Holland verwar. Wikar gebruik in die meeste gevalle „leggen" (pp. 36, 118, 120 ens.) en net af en toe „liggen" bv. „die aan 't warme bad liggen" (p. 26), „zy laaten hem ... liggen" (p. 136). Afrikaans ken net die vorm „lê" wat die hele saak vergemaklik daar dit alle verwarring uitsluit.

Tot die gewone spreektaal behoort „mÿn" as akkusatief van „ik" in plaas van „my", bv. „hy ... zou mÿn nooyt verlegen laaten" (p. 38), „die ik bÿ mÿn had" (p. 70). So ook „alweder" wat saamgetrek word tot „alweer" : „de aanstaande avond alweer net zo" (p. 84), „wanneer zy gemeenlyk alweer aan 't slagte gaan" (p. 88). Capteyn (pp. 70, 80, 96) en broer(s) (pp.28, 40, 82) is die uitspraak van „kapitein" en „broeders" in die algemene spreektaal. Dieselfde geld vir zeid en leid instede van „zegd" en „legd" : „zeyde ik" (p. 38), „hy zeyde" (p. 38), „den Hott. ... zeyd" (p. 58), „in 't kort gezeyd" (p. 62), „overgeleyd" (p. 48), „waar ... de Hooge kraal ley" (p. 164). Doodmaken (pp. 44, 68) is in die spreektaal die gewone woord om die begrip „dooden" neutraal uit te druk, en in Afrikaans word dit so te sê uitsluitend gebruik.

Naas al die talle van voorbeelde, hier en

University of Cape Town

vroeër genoem, van gemeensame of dialektiese vorms en gesegdes wat Wikar se taal alles behalwe aan die deftige spreek- of skryftaal gelykmaak, is dit net asof Wikar elke nou en dan onthou dat hy „Schrÿver" was en dat hy vir die Goewerneur-Generaal skryf, wanneer hy dan sy waardigheid handhaaf deur die gebruik van 'n hoogdrawende woord of 'n bepaald gemaak-deftige sinswending. So gebruik hy dan die volgende selstandige naamwoorde : coleur (pp. 54, 72), honeur (p. 26), definition (p. 62), resolution (p. 20), exercitie (p. 52), penitentie (p. 110), separatie (p. 88), summertrie (p. 144), leegerplaats (p. 38), noorderzyde (p. 192), de jonge luyden (p.60), de vrouw luyden (p. 168); die uitdrukkings : „in een linie staande" (p. 94), en „te paarde gereeden" (pp. 96, 198); die byvoeglike naamwoorde: hazardeerlÿk (p. 102), veritable (p. 134) en werkwoorde soos fineeren (p. 200), negeerde (p. 138), recommandeerde (p. 198) en visiteeren (p. 120). Ouderwetse werkwoords-vorme vind ons in afslagteden (p. 118), bepraateden (p. 144), slagteden (p. 32), zetteden (p. 144), hebbe (pp. 48, 54, 60), wierd (pp. 22, 36, 44), ens. Onnatuurlik-deftig kom die genitiefsgebruik ook voor : „des patients arm" (p. 68), „de kuyle des riviers" (p. 80), „de bogt des hoorns" (p. 100), „de overzÿde des riviers" (p. 192) om maar 'n paar voorbeelde te noem. Dit is duidelik dat sulke deftige verskynsels eenvoudig ydel pligpleginge op taalkundige gebied is en ons kan ons voorstel hoe Wikar se Dagverhaal helfte van sy aantrekkingskrag en boeiendheid sou verloor het as hy hierdie vormlikheid konsekwent deurgevoer het.

University of Cape Town

Ons moet nog 'n paar persoonlike eienaardighede in hierdie joernaal noem. Daar bestaan geen twyfel dat Wikar moes gesê het goei instede van gooi nie. In vergelykking met mooi, ooyt, ens., aan die eenkant en aan die ander kant groeyen, roeyen, moeyte, ens., het Wikar deurgaans goey (p. 98), goeyen (pp. 54, 94, 104), goeyende (p. 44) en ander vorme van die werkwoord. Verder praat hy van „een gedierte te vellen" (p. 66) waar hy meen „villen". Die selfstandige naamwoord „vel" het seker invloed op die werkwoordelike vorm uitgeoefen. 'n Ander eienaardig-heid is die gebruik van „agteruyt" vir „terug" : „maar daarvoor krygt hy omtrent net zoveel beeste weer agteruyt" (p. 90), „de zeekoey loop dan de eygenste poort weer terug agteruyt" (p. 102), „daarom quam de Heer Gordon den volgende dag... agteruyt om myne rariteyten te zien" (p. 198). As skeepsterm word „achteruit" as bywoord van plek gebruik. „In deze betekenis vormt achteruit met het bÿstaande werkwoord geene samestelling maar blÿft op zichzelf staan - alleen als plaatsbepaling." (Ndl. Wdb. I, 722). Het Wikar nie miskien hierdie woord in díé sin uit die seemanstaal oorgeneem nie ? Word dit ooit nog vandag in Afrikaans gehoor ?

Dat Wikar se taal deurspek is met verskynsels en woordgebruik wat aan die gemeensame Nederlandse volkstaal eie is, is duidelik. Dit is ook duidelik dat hierdie verskynsels in die meeste gevalle vandag in Afrikaans teruggevind kan word. „De volkstaal ... is gelÿk aan een maagdelÿk woud, waarin de natuur doen mag wat zÿ wil, en waar geen menschenhand orde en regelmaat tracht aan te brengen." (Verdam - Gesch.

University of Cape Town

der Ndl. Taal, p. 102). Hier in Suid-Afrika waar die volkstaal onder abnormale omstandighede gegroei het en onder invloede wat van verskeie vreemde tale uitgegaan het, kon die natuurlike groei ononderbroke voortgaan, en die ontwikkeling was so snel dat daar spoedig sprake kon wees van 'n selfstandige taal. Selfs die invloed van Kerk en skool kon nie hierdie lewenskragtige groei teëgaan nie. Die Afrikaans het sterker en sterker geword en die veragting daarvoor moes oorgaan tot erkenning. Die taal wat eers net goed genoeg geag is vir populêre geskrifte en allerlei rympies het getoon dat hy kon ontwikkel tot kultuurtaal, tot 'n taal waarvan Langenhoven in 1914 kon sê : „dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste witmans-taal wat in Suid-Afrika gemaak is en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriomfeet het; die een band wat ons as nasie aan mekaar heg; die uitgedrukte siel van ons volk."

Die volkstaal van Nederland het alreeds enige oorbodighede van die skryftaal oorboord gegooi; hier aan die Kaap het die toestand nog verder gegaan. Slytasie, die verlies van veelvuldigheid van vorme, vereenvoudiging het gelei tot die in-stand-koming van 'n lewende, kragtige taal wat die kieme van verdere, ryker ontwikkeling en opbloei in homself dra. In die ontwikkelingsgeskiedenis van hierdie taal gee Wikar se Dagverhaal vir ons 'n belangrike en interessante kykie. Sy Dagverhaal bewys aan ons dat die kern

University of Cape Town

van Afrikaans lê in die Nederlandse volkstaal van die 17de eeu, miskien bepaald van die provinsie Holland, en dat teen die end van die 18de eeu die vreemde tale aan die Kaap al hul invloed laat geld het op die vorming van Afrikaans.

University of Cape Town

B I B L I O G R A F I E.

Bosman D. B. - Oor die Ontstaan van Afrikaans.

Holtvast K. - Beknopte Nederlandse Spraakkunst.

Jespersen O. - The Philosophy of Grammar.

Overdiep G. S. - Stilistische Grammatica.

van Dale - Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal.

Verdam J. - Uit de Geschiedenis der Nederlandsche Taal.

Woordenboek der Nederlandsche Taal deur de Vries, te Winkel e. a.

University of Cape Town